# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

## (TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85 PRETORIA

1987-11-26

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 324

(Bladsye 18 521 - 18 583)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF HERVAT OP 26 NOVEMBER 1987.

HOF : Mnr. Jacobs en mnr. Bizos, my assessor en ek het ŉ bietjie gedink oor die opmerking wat gemaak is dat die saak nog ŉ jaar gaan duur of langer. Daar is twee dinge wat ek onder u aandag wil bring op ŉ vriendelike wyse, maar u moet nie onder enige wanindruk wees lateraan nie. My langverlof begin op 1 Desember en dit gaan geneem word, of die saak klaar is of nie. Dit is punt nommer een. Punt nommer twee is, dat daar is gister beweer dat die kruisondervraging baie langdradig is en dit is so, maar langdradigheid is daar aan albei kante. Ons kan ŉ voorbeeld gee van byvoorbeeld hierdie getuie. Hy word breedvoerig gelei oor dat hy in die kerkkoor is of dat hy die sekretaris is en dat hy sekretariële pligte het en dat hy naby die vergadering was op 26 Augustus, maar nie by die vergadering of op die vergadering nie en as ŉ mens daarmee klaar is, dan vra jy jouself af, waarom is al die feite op rekord geplaas wat ongeveer ŉ drie-kwartier of ŉ halfuur geduur het. Kon die getuienis nie gewees het "Ek is by die Roomse Kerk, ek het gehoor van die vergadering van my vriende, ons het besluit - van die optog, ons het besluit om die optog by te woon, ons was laat by die Roomse Kerk, langs die pad het ons geen klippe of iets op die pad gevind nie, ons het kortpad gevat en by die poskantoor het ons aangesluit by die optog." Dit gaan tog oor het hy obstruksies op die pad gesien op pad na die Roomse Kerk en dit gaan oor wat verder gebeur vandat hy by die optog by die poskantoor gekom het en dan sou ons ŉ halfuur uitgeskakel het en as ons daardie soort van dinge herhaal deurgaans, dan sal ons baie dae verniet hier gesit het. Ons moet probeer om by die essentialia te bly. Dus, here, u word vriendelik

versoek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

versoek om ŉ bietjie te kyk na die tyd. Ons van ons kant hier op die bank dink nie dat ons beskuldig kan word dat ons in hierdie saak tyd gemors het nie.

MPASANE JACOB TAU, v.o.e. (Deur tolk)

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Tau, op 3 September 1984 die oggend, het jy vir die hof gesê is jy na jou vriend se huis toe om by die optog te gaan aansluit? -- Ja.

En om dit net duidelik te maak waar ek gaan aansluit, daar was ŉ bestelling dat jy sou 08h30 by hom gerapporteer het? -- Ja.

Hoekom het jy nie 08h30 by hom gerapporteer nie? -- Ek was by die huis vertraag.

Hoekom? Deur wat? -- Daar is ander pligte wat ek moes nagekom het, klein werkies waaraan ek eers aandag moes gee voor ek weg is.

Kan jy vir die hof sê wat? -- Dit is nou ŉ tydjie terug. Dus sal ek nie alles kan herhaal nie.

Wat? -- Byvoorbeeld, een van die dinge waaraan ek aandag gegee het, was dat ŉ stoof daar buite was en dit het daar buite gestaan. Ek moes die stoof herstel het en dit dan eers terugbring in die huis in en dit op die regte plek gaan laat staan vir die gebruik.

So, vroeg die oggend het jy dus voordat jy na jou vriend toe gegaan het, buitekant jou huis gewerk? -- Ja.

Jou huis, is dit naby aan Masenkeng se bushalte? -- Dit is baie ver.

Baie ver? Hoe lank vat dit jou om te loop van jou huis af tot by Masenkeng se bushalte? -- Omtrent twintig minute.

Is jou huis naby mnr. Mkhiwane se huis, die raadslid? -- Nee, dit is ver.

Hoe/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Hoe ver ongeveer? -- Ek weet nie wat moet ek sê wat die skatting is nie, want dit is heelwat ver. Dit is in B gedeelte en my huis is in die A gedeelte van die gebied.

Hoe lank neem dit jou om van jou huis af te loop na jou vriend se huis waar julle ontmoet het, 3 September 1984? -- Omtrent vyftien minute.

HOF : Is dit mnr. Mokate? -- Ja.

MNR. JACOBS : Is mnr. Mokate se huis naby Masenkeng bushalte, busstop? -- Nee, dit is ook ꞌn entjie ver.

Hoe lank het julle geloop van sy huis af tot by Masenkeng se bushalte, 3 September? -- Ses of tussen ses en tien minute het dit ons geneem.

HOF : Van waar na waar? -- Van Mokate af na die bushalte te Masenkeng.-

MNR. JACOBS : En van daar tot by die kerk in Small Farms? -- Ek skat dit ongeveer nog tien minute.

Toe jy van jou huis af geloop het na mnr. Mokate se huis toe, was die strate besig gewees of was daar baie mense in die strate? -- Nee, dit was normaal gewees, soos ꞌn Sondagmôre byvoorbeeld.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry nou. Is ꞌn Sondagmôre soos ꞌn Maandagmôre? -- Vir my is dit dieselfde. ꞌn Maandagmôre en ꞌn Sondagmôre is dieselfde.

MNR. JACOBS : Was daar mense in die strate? Ons weet nie wat is die normale omstandighede nie. Was daar redelik baie mense in die straat of nie? -- Daar was mense in die strate gewees.

Was dit mense wat na die bushalte toe gegaan het of wie was dit? -- Nee, ek sal nie weet of die mense nou na die bushaltes toe gegaan het of waarheen die mense op pad was

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie.

HOF : Ek het ŉ bietjie moeilikheid om te plaas waar u woon in gebied 7 A. Daar is ŉ oop gedeelte wat vir my lyk na ŉ spruit of ŉ waterlopie reg deur die middel van 7A. Weet u daarvan? -- Ja, ek weet daarvan.

Woon u aan die oostekant of aan die westekant daarvan? --Aan die westekant.

Ken u raadslid Buthelezi se huis? -- Ja, dit is anderkant die teerpad in gebied 7B.

Mohajane se huis? -- Dit is omtrent suid/wes geleë vanwaar ek woon.

Is daar ŉ oop ruimte met groot geboue in naby waar u woon? -- Ja, agter my perseel is ŉ skool.

So, u agterste draad, grens dit aan die skool se perseel? -- Ja.

MNR. JACOBS : Is Vilakazistraat ver van jou woning af? -- Dit is ŉ hele ent.

Die oggend daar, die mense wat jy gesien het, was daar groepies mense wat jy opgemerk het? -- Nee.

Mnr. Mokate se huis sê jy is in gebied 7B? -- Ja, hy woon in gebied 7B.

By sy huis, is dit in die nabyheid van mnr. Mkhiwane se huis? -- As ek reg is, sal ŉ mens by een straat verbygaan in die westelike rigting vanaf Mokate om by Mkhiwane se huis te kom wat ook ŉ entjie ver is.

Vanaf sy huis waar julle daar weggegaan het tot by Masenkeng waar julle langs Masenkeng verbygegaan het op pad na die kerk toe, het julle mense teëgekom, groepe mense? -- Nee, dit is mense wat enkellopend was eintlik, nie mense wat in klompies was nie.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En by die bushalte self, het julle daar mense gekry wat daar by die bushalte was? -- Ek het niemand gesien wat by die bushalte gestaan het nie. Die mense wat ek in daardie omgewing gesien het, was mense gewees wat net daar verby geloop het.

Waarheen het hulle geloop? In watter rigting? -- Die mense het in verskillende rigtings geloop. Party het boontoe gegaan en ander het weer na die ander kant toe gegaan. Dit wil sê hulle het in teenoorgestelde rigtings gestap.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Het u daar busse gesien? -- Nee, ek het nie ŉ bus gesien nie.

HOF : Was dit normaal? -- Ja, dit was normaal gewees soos dit maar is in die loop van tyd.

Is dit normaal dat daar geen bus is nie en ook nie mense wat wag vir ŉ bus nie? -- Dit is hoe ek gesien het. Dit het vir my gelyk of dit ŉ Sondag was, want gewoonlik Sondae is die busse maar skaars.

MNR. JACOBS : Maar dit was mos nie ŉ Sondag nie, dit was ŉ Maandag hierdie gewees? -- Ja.

Hoe was dit Maandag daar? Was dit normaal vir ŉ Maandag? -- Nee.

Hoe laat is jy by jou huis weg? -- Toe ek my huis verlaat het was dit ongeveer omtrent na 09h00.

Was dit al na 09h00 gewees? -- Ja.

Kan jy vir ons nader sê, was dit net kort na 09h00 of was dit al ŉ hele ruk na 09h00 gewees? -- Ek kan nie so goed onthou nie, maar wat ek wel kan onthou is dat dit na 09h00 was.

Kan jy onthou hoe laat jy by mnr. Mokate se huis gekom het? -- My skatting van loop van my huis af na Mokate se

huis/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

huis toe, is omtrent vyftien minute se stap.

Kan jy onthou hoe laat jy daar gekom het of was daar nie gekyk na die tyd nie? -- Ek het nie met my aankoms daar by Mokate na die tyd gekyk nie.

Hoe lank het julle daar vertoef voordat julle vertrek het? -- Daar was nie mors van tyd gewees nie. Onmiddellik na ek gekom het, het hy, wat Mokate is, gesê tyd is om, laat ons maar gaan.

Hoe lank het jy daar vertoef? -- Ons het nie vertoef nie.

Vanaf die Masenkeng tot by die Roomse Kerk, het julle baie mense teëgekom op die pad? --Nee, dit was mense wat net daar heen en weer beweeg het normaal.

By die kerk self, het julle daar mense gekry nog? -- Nee, eers by die kerk met ons aankoms daar het ons een persoon raakgeloop van wie ons verneem het wat van die mense geword het wat daar was. Ons is toe daar ingelig dat die mense alreeds weg is.

Toe die mense in Vilakazistraat afgeloop het wat nie baie ver van jou huis af is nie, het julle nie die mense gehoor sing nie? -- Nee, Vilakazistraat is ver van my af. Ek is daar onder en Vilakazistraat is geleë aan die boonste gedeelte van die gebied. Dit lê aan my westekant van my huis af.

Vanaf die kerk is julle toe deur gebied 12 na die poskantoor toe? -- Ja.

Stem jy saam die kerk is 'n redelike ent vanaf die poskantoor, selfs deur paaie wat jy genoem het?

HOF : Of die getuie nou met daardie vraag saamstem of nie saamstem nie, dit sal my niks in die sak bring nie, want ek weet nie wat die antwoord is nie.

MNR. JACOBS : Hoe lank het dit julle geneem vanaf die kerk

tot/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

tot by die poskantoor? -- Ek het nie 'n polshorlosie gehad om tyd te kon sien hoe laat dit was nie, hoe lank dit neem nie, maar ek skat dit ongeveer 40 of 45 minute het dit ons geneem.

Op pad vanaf die kerk na die poskantoor toe, het julle baie mense in die straat gekry? -- Ja, wat verskillende rigtings geloop het. Byvoorbeeld, daar was van die mense wat in ons teenoorgestelde rigting gestap het. Daar was wel mense gewees wat in dieselfde rigting gestap het as ons.

Was daar enige groepe mense? -- Daar was nie groepe mense gewees nie. Daar was mense gewees wat miskien saam gestap het, dan is hulle twee of drie.

Het ek jou dan reg verstaan, was alles net weer normaalweg gewees dan? -- Ja.

En by die poskantoor self, het julle daar groepe mense gekry? Dit is behalwe die optog wat nog aangekom het? -- Ja, daar was gewees.

Wat het hulle gedoen daar? -- Die mense het gewag vir die aankomende optog.

Was dit by die poskantoor self? -- Ja.

As ek jou getuienis dan reg verstaan, wil jy voorgee dat van die oggend af toe jy nou opgestaan het by die huis en buitekant gewerk het, daarna geloop het tot by die poskantoor, was alles heeltemal normaal in daardie woongebied? -- Ja.

En deur gebied 12 waar julle geloop het, is julle naby die Administrasiekantore verby? -- Nee, nie by die kantore nie, maar aan die westelike kant van die kantore, 'n entjie ver van die kantore af.

HOF : Aan die westekant van die kantore? -- Ja.

Ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ek wil net kyk waar lê dit. Sou dit nie 'n draai wees as u so loop dat u aan die westekant van die kantore verby kom vanaf die Roomse Kerk nie? -- Ons was op pad na die poskantoor toe.

Ek neem aan julle het met die kortste roete geloop. Is dit nie? -- Ja.

Sou die kortste roete 'n mens nie aan die oostekant van die Administratiewe kantore verby neem nie? -- Nee, ek het dit nie so gesien dat dit die kortste pad sal wees nie, maar ons het aan die westelike kant verby gegaan.

Maar dan kon julle mos nie ver van die Administratiewe kantore verby gegaan het nie, as julle wes van die kantore verby gegaan het? -- Die idee dat ons daar deur geloop het en dit beskou het as 'n kortpad was om by die teerpad aan te sluit wat vanaf die busse gekom het om by die poskantoor uit te kom.

Nee, ek het die gedagte. Hoeveel rye huise was daar tussen u en die Administratiewe kantore? -- Nee, dit kan ek nie so goed onthou hoeveel rye huise daar tussen ons was nie.

MNR. JACOBS : Die teerpad wat van die busse af kom, is dit die teerpad wat loop tussen gebiede 13 en 12? -- Ja.

En het julle dan toe by daardie teerpad aangesluit? -- Ja, dit is nou terwyl ons in gebied 12 was.

En toe julle daar aansluit, in watter rigting het julle gedraai? Links of regs? -- Links.

Moes julle toe nog 'n hele ent loop met die teerpad langs voordat julle by die poskantoor kom? -- Ja.

HOF : Hoeveel strate, dwars strate het julle verby gegaan totdat u by die poskantoor gekom het? -- Ek sal nie vir

u/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

u kan sê hoeveel strate daar is wat dwars loop nie, maar ek kan vir die hof sê daar is ŉ teerstraat wat vanaf die busroete draai na links.

<u>HOF</u> : Ja, maar loop die teerstraat na die blok of die gebied waar die Administratiewe kantore lê? -- Ja, dit is die straat.

Ken u Jackpot Fish and Chips? -- Nee, ek ken nie die plek nie.

Ken u die Discount Supermarket? -- Ek ken nie die besighede en die winkels daar in gebied 12 by name nie.

Lê die teerstraat wat u van praat wat in gebied 12 in loop of kom dit verby aan die oostekant of aan die westekant van die Administratiewe kantore? -- Ek is nie duidelik nie. Wat is die vraag?.

Kyk na hierdie kaart, asseblief. Dit is AAR1. U sien op daardie kaart kringe getrek en binne-in die kringe is daar syfers en op die kaart word dan aangedui met ŉ kring 12 en met ŉ kring 13. Kring 12 is gebied 12 en kring 13 is gebied 13. -- Ja.

Dan sien u ook op die kaart ŉ rooi lyn. Die rooi lyn loop tussen gebied 12 en gebied 13. -- Ja.

Dit is die rooi lyn wat loop vanaf die busdepot na Houtkop toe. -- Ja, ek sien dit.

Kan u nou met ŉ speld asseblief vir my ŉ punt aandui op hierdie kaart waar u aangesluit het by die teerpad wat die busroete het? -- (Getuie dui aan)

Die punt wat die getuie aangedui het is as ŉ mens gebied 12 neem en van noord na suid beweeg met die hoofpad af, dit wil sê dus in die rigting van Houtkop. Wanneer jy gebied 12 binnegaan, kry jy een blok, ŉ dwars straat, dan kry jy nog ŉ blok met ŉ dwars straat wat nie heeltemal

deur/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

deur loop nie en dan kry jy nog ŉ blok met ŉ dwars straat wat wel deur loop regoor die Anglikaanse Kerk wat punt 3 is op BEWYSSTUK AAR1. Is dit korrek dat u reg teenoor die Anglikaanse Kerk uitgekom het? -- Ja.

MNR. JACOBS : Daardie pad wat jy nou uitgewys het waar jy uitkom het, het julle met die pad wat daar in loop met hom langs geloop? -- Nee.

Hoe het jy geloop om daar by daardie punt te kom? Miskien kan ek dit vir hom duideliker verduidelik wat my vraag is, waar punt 3 is waar hy uitkom. Hier is ŉ pad wat dan loop wat, soos die hof dit beskryf het, daar uitkom by daardie teerpad wat na Houtkop toe loop. Die een wat daar aansluit, is dit die pad wat jy geloop het? Laat hy net vir my ŉ streep trek, dan kan ek dit beskryf. -- Moet ek ŉ lyn trek?

Ja, soos jy gekom het tot by die teerpad? -- (Getuie dui aan) Dit is die roete wat ek gevolg het om daar uit te kom.

Ek sal dit so beskryf. Van die kerk af het hy hom geteken by die kerkperseel, agter die kerkperseel het hy heeltemal weggedraai in ŉ westelike rigting ... (Mnr. Krugel kom tussenbei)

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Dit is nou van die Rooms Katolieke Kerk af Small Farms, nie van Anglikaanse Kerk in gebied 13 nie.

MNR. JACOBS : Ek sal sê die Roomse Kerk waar die optog sou begin het. Waar hy begin vanaf die kerk gaan hy in ŉ westelike rigting parallel met Selbourneweg en dan vat hy ŉ klein draaitjie in ŉ suidelike rigting en dan draai hy weer regs, dan gaan hy rondom gebied 13. Waar hy by die hoek van

gebied/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gebied 13 kom daar aan die noord/westelike hoek ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Stadig nou. U is nou by gebied 13, maar ons het nou begin by die Rooms Katolieke Kerk. -- Nee, ek was nie by gebied 13 gewees nie.

MNR. JACOBS : Ekskuus gebied 12. Laat ek weer begin. Hier waar hy wes draai, gaan hy deur Small Farms.

HOF : Waar gaan hy uit Small Farms uit? Dit is die punt wat u moet aandui.

MNR. JACOBS : Dit is op die noord/westelike hoek waar gebied 13 - gebied 12 se noord/westelike hoek is. Ekskuus.

HOF : Dit is nie waar hy Small Farms verlaat nie. Verlaat hy Small Farms op die suid/westelike hoek van Small Farms of meer noord of meer wes van daardie punt?

MNR. JACOBS : Van watter punt praat u?

HOF : Ek vra u waar verlaat hy Small Farms?

MNR. JACOBS : Dit is regoor daardie noord/westelike hoek van gebied 13.

HOF : Van gebied 12.

MNR. JACOBS : Van gebied 12. Die twee paralelle lyne en hy gaan hy om daardie hoek. Hy gaan nie eers in gebied 12 daar in nie, maar hy gaan om dit aan die buitekant van gebied 12. Daar waar Small Farms verlaat word, dan gaan hulle weer meer in 'n suidelike rigting, so 'n boog loop. Dan kom hy in in gebied 12 aan die noord/oostelike kant van daardie teerpad wat na Houtkop loop. Ses rye huise van daardie dubbel ry huise net bokant die sesde ry, daar gaan hy dan reguit tot by daardie hoek waar daardie drie geboue of twee geboue ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Reguit help ons niks.

MNR. JACOBS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. JACOBS : In ŉ suid/oostelike rigting of meer suid rigting, weer parallel met die Houtkop pad tot by daardie hoek waar daardie oop plek is met daardie drie geboue op. Daardie drie groot gebou komplekse. Dit is twee wit dubbele lyne in die middel. Daardie ry huise wat aan die suid/westelike kant van daardie oop plein met daardie geboue op is, daar gaan hy net tussen hulle aan die ander kant van daardie ry deur tot een, twee drie. Dan gaan hy reguit in ŉ suid/westelike rigting direk na die Houtkop pad. Dit is een, twee drie, die derde ry tussen daardie pad wat daar loop waar hy aangesluit het meer na die westekant toe daar. Dan gaan hy tussen die ry huise wat dan daarso aan die Houtkop pad grens, kom hy dan parallel met die Houtkop pad - dit lyk my dit is die oostelike rigting, meer suid as oos, tot by die pad wat dan daar loop waar hy aangesluit het.

HOF : Dit is tot naby die Anglikaanse Kerk?

MNR. JACOBS : Tot daar by die Anglikaanse Kerk.

HOF : Ja?

MNR. JACOBS : U sien, ek wil dit aan u stel, soos u daar die roete getrek het, het u heeltemal ŉ omdraai geloop om uiteindelik by die poskantoor uit te kom? -- Die idee hoekom ons daar uitgekom het, was om te sien of die optog nou nie verder as daardie punt was nie. Dit wil sê dat ons aan die voorpunt van die optog moet wees om dit te kan sien.

HOF : U het nie gedink dat die optog is op die teerpad tussen die busdepot en die poskantoor nie? -- Nee, want wat ek geweet het was dat hulle ŉ ompad gevat het, nie dieselfde rigting as wat ons gevolg het om kort voor hulle te kom nie.

Het u geweet dat hulle met die hoofpad aan loop wat die busroete is tot by die poskantoor en wel by die BP Garage

verby/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

verby, langs gebied 12 en eers langs gebied 8? -- Volgens wat ek gehoor het, het hulle daar deur gebied 7 geloop.

En dan? -- Toe het ons besluit om die kortpad te vat om deur Small Farms te loop.

Ja, maar wat aan u gestel word, is die kortpad was nie ŉ kortpad nie, maar ŉ langpad? -- Ek het nie daaraan gedink nie dat dit ŉ ompad was nie.

Maar is dit nie inderdaad ŉ ompad nie? -- Ek sien dit nie as ŉ ompad, ŉ lang draai pad nie. Wat ek vir die hof kan sê is dat die doel van my om daar deur te loop was om te sien of die optog al by die poskantoor verby is of nie. Dus het ek besluit om daar voor uit te kom.

Dit het u al gesê. Ek wil net weet, is dit wat u betref die kortste roete tussen die Rooms Katolieke Kerk Small Farms en die poskantoor? -- Nee, volgens wat ek sien nou is dit nie die kortste pad nie.

MNR. JACOBS : Weet u waar is die huise van raadslede Tshabalala? -- Nee, ek weet nie.

En raadslid Cindi se huis? -- Nee, ek weet nie.

Ek wil dit aan jou stel dat as jy so haastig was om by daardie optog te kom, as julle so vinnig gestap het, dan was dit moontlik om ŉ direkte pad te vat en ŉ baie korter pad as die een wat jy nou aangedui het aan die hof? -- Is dit nou u siening daardie?

Dit is ŉ stelling wat ek aan jou maak? -- My bedoeling was dat ek net by daardie teerpad moet uitkom, dat ek kan sien of die optog verby is of nie.

HOF : Watter teerpad? -- Die depot se teerpad.

Waarom het u dan nie dadelik op die teerpad gekom nie, heel vroeg al nie? Waarom het u half parallel met hom

geloop/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

geloop vir 'n taamlike lang tyd tot by die Anglikaanse Kerk? -- Nee, maar ek het nie daar uitgekom nie. Die bedoeling was dat ons by die teerpad moet kom wat 'n hoofstraat is om te kan sien wat gebeur en dit is wat ons gedoen het.

MNR. JACOBS : Ek wil dit dan ook aan jou stel, volgens die roete wat jy aangedui het, as jy so angstig was om by daardie teerpad uit te kom, dan kon jy heelwat vroeër by daardie teerpad uitgekom het as jy direk daar na die teerpad toe geloop het? -- Ja, op die huidige oomblik is dit wat u vir my kan sê omdat u dit nou hier vergelyk, maar op daardie stadium wat ons dit gedoen het, was ons haastig gewees om by die teerpad uit te kom en ons het net besluit om daardie pad te volg.

Jy sê julle was haastig gewees om by die teerpad uit te kom om te sien of die optog verby is? -- Ja, dit is die waarheid.

Waar sou hy op daardie teerpad verbygegaan het daar waar julle uitgekom het? -- Ek verstaan nie die vraag nie.

Julle wou gou by die teerpad uitgekom het of die busroetepad wat van die busloodse af na Houtkop loop om te sien, dit was jou getuienis, of die optog al verby is. Waar sou hy daar verbygegaan het? Waarheen? -- Ek was op pad na die poskantoor toe met die oog daarop om te gaan sien of die mense van die optog werklik daar was of nie en ek het besluit dus om hierdie roete van my te volg wat vir my beskikbaar was om te gebruik op daardie tyd.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Daar by die Anglikaanse Kerk, as jy daar by die teerpad staan en jy kyk na die poskantoor toe, is dit opdraand of afdraand? -- Dit is 'n opdraand.

En as jy terugkyk van die Anglikaanse Kerk af in die

rigting/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

rigting van die depot, is dit opdraand of afdraand? -- Dit is ŉ afdraand.

MNR. JACOBS : U sien, ek wil dit aan u stel, u is nie heeltemal eerlik met die hof nie en u het hierdie omweg vandag hier aan die hof kom verduidelik omdat u besef het dat as u op die kortste roete gegaan het na die poskantoor toe wat u voorgee, dan moes u verbygegaan het by plekke wat reeds gebrand het daardie oggend? -- Dit is nie so nie.

Ek stel dit aan jou, op daardie stadium toe jy geloop het om te gaan aansluit by die poskantoor, was daar alreeds brande gewees by die Administrasiegeboue in gebied 12? -- Ek ontken dit.

Sê jy daar was nie brande gewees nie? -- As daar ŉ brand is, kan ŉ mens dit sien, want dan is daar groot rook wat ŉ mens sien.

Ek wil dit aan jou stel dat die getuienis was hier in hierdie hof gewees dat ongeveer 08h00, ŉ bietjie voor 08h00, daardie oggend was daar ŉ brand by die Administrasiegeboue in die nabyheid van daardie geboue waar ŉ voertuig gebrand het wat die polisiebeamptes van ŉ ver distansie af gesien het en na die rook toe gery het om ondersoek te gaan instel? -- Ek het dit nie gesien nie.

Hoekom nie? Die rook is mos nou duidelik sigbaar in die lug. Hoekom het jy dit nie gesien nie? -- Ek weet hoe lyk die rook van iets wat aan die brand is en as daar niks is wat aan die brand is nie, sal ek nog in staat wees om dit te kan sien, dat daar niks is wat brand nie.

Die getuienis is ook dat daardie oggend hier om en by 10h00 se kant het Caeser Motjeane se huis gebrand? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het jy ook nie hierdie rook gesien nie? -- Nee, ek het nie die rook gesien nie.

Ons het getuienis dat 09h00 daardie oggend was die huis van mnr. Tshabalala, 'n raadslid wat in gebied 12 woonagtig is by punt 29, dat sy huis gebrand was al 09h00 daardie oggend?

HOF : Wat is die bewysplek?

MNR. JACOBS : Dit is volume 72 bladsy 3 837. -- Dit kan wees, maar ek is nie daarvan bewus nie.

Wel, jy het nie baie ver van sy huis af verby geloop volgens die roete wat jy hier geteken het nie en dan moes jy die rook gesien het? -- Hoe laat sê u het daardie plek aan die brand geslaan?

Die getuienis is om 09h00 daardie oggend is die huis van Tshabalala, die raadslid, aan die brand gesteek?

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Dit is punt 28. 29 is Cindi.

MNR. JACOBS : Punt 28, Tshabalala se huis. -- Nee, op die stadium wat ons daar verbygeloop het, was daar niks gewees wat aan die brand was nie.

HOF : Kan u net daardie kaart van u vir die getuie toon, want sy streep is nou daar op, mnr. Jacobs. Wys vir die getuie punt 28. Die stelling wat aan u gemaak word is dat punt 28 is die huis van raadslid Tshabalala wat baie naby geleë is aan die roete wat u geteken het? -- Ja, ek sien dit, maar op die tydstip wat ons daar verby is, was daar geen rook gewees nie.

MNR. JACOBS : Watter tyd is jy daar verby? -- Ek is nie seker van die tyd, hoe laat dit was toe ons daar verby is nie, want as my geheue my nie in die steek laat nie, om 09h30 het ons eers vertrek van gebied 7. Dit kan wees dat dit na 10h00 wees wat ons daar verby is.

HOF/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : Op die bewysplek wat u gegee het, blyk dit dat die vuur geblus is net toe die gordyne gebrand het. Dat die huis nie afgebrand het nie. Op watter basis maak u die stelling dat die huis aan die brand was, dat daar dus rook was wat sigbaar was?

MNR. JACOBS : Miskien het ek nie die hele ding daar gehad, die bewysplaas wat vir my gegee is nie. Dan is ek jammer, dan sal ek die vraag terugtrek. Dan is dit ŉ fout as ek dit so gestel het.

HOF : U moet u bewysplekke kontroleer. Ons het nie so baie tyd in hierdie saak nie.

MNR. JACOBS : Dan wil ek dit aan u stel dat om ongeveer 10h00 was die geboue daarso by die Administrasiekantore aan die brand in gebied 12? -- Nee, ek het niks op daardie tydstip gesien nie.

Ek wil dit ook aan jou stel dat ongeveer tussen 08h00 en 09h00 die oggend was die huis van raadslid Mkhiwane in gebied 7 aan die brand gewees? -- Nee, dit het ek ook nie gesien nie. Ek het geen rook daar gesien nie. Ek het wel daarvan gehoor dat die huis gebrand het, maar dit was na die hele voorval.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

MPASANE JACOB TAU, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : In gebied 7, hoe ver is jou huis van die Ontwikkelingsraadskantore daarso? -- Dit is ŉ hele ent.

Ek wil dit ook aan jou stel dat 09h00 die oggend ...

(Hof kom tussenbei)

HOF : Laat ek net duidelikheid kry. U is in 7A. Lê die

Ontwikkelings-/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ontwikkelingsraadskantore in gebied 7B? -- Ja.

MNR. JACOBS : En ek wil dit aan u stel dat daardie kantore het ook 09h00 die oggend gebrand? Dit is die oggend van 3 September 1984? -- Ek weet nie daarvan nie.

Het jy ook nie daardie rook gesien nie? -- Nee.

HOF : Wat is die bewysplaas van daardie stelling?

MNR. JACOBS : Dit is volume 70 blady 3 762. Dan ook daardie oggend ongeveer 08h30 na 09h00 se kant toe, het die Teachers Training College gebrand in gebied 7B? -- Ja, ek hoor daarvan. Ek weet van die bestaan van die Onderwyskollege, maar ek het geen brand daar gesien nie.

Het jy die rook gesien? -- Nee.

HOF : Kan ek net vir u ŉ vraag vra. As ek vir u sê ek is ŉ inwoner van gebied 7 en ek sê my kind is by die kollege, ek sê net dit, wat kan dit alles beteken? -- Jou kind by die kollege? Dit beteken dan jou kind is baie geleerd.

Waar is hy dan? -- Dan is die kind by die kollege en die mense wat daar onderwys kry is net geleerde mense.

Watter kollege is dit dan? -- Ek ken Sepotemba. Dit is nie ŉ kollege nie. Dit is ŉ hoërskool. Ek weet van ŉ kollege en wat my betref is dit Inkamane en Wilberforce.

Waar is Inkamane en Wilberforce? -- Inkamane is in Natal en Wilberforce is in Evaton.

So, u weet nie van ŉ kollege daar in daardie area waar u bly nie? -- Nee, ek weet net van skole daar. Ek weet nie van ŉ kollege nie.

MNR. JACOBS : Ek wil dit ook aan jou stel dat ongeveer 09h00 die oggend van 3 September 1984 het in gebied 13 - was daar ŉ bakkie aan die brand gesteek by die Ontwikkelingsraad se kantore en werkswinkel en ook gepoog om daardie werkswinkel

aan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

aan die brand te steek. -- Hoe laat sê u was dit gewees?

Ongeveer 09h00.

HOF : Wat is die bewysplek?

MNR. JACOBS : Dit is volume 70 bladsy 3 754.

HOF : Wat is u antwoord daarop? -- Die oggend was ek op pad gewees om die hoë gesagte te gaan sien wat eintlik in beheer is van Sebokeng aangaande die verhoging van R5,90. Op pad eintlik het ek nie veel ag geslaan op ander dinge wat daar plaasgevind het nie. Ek het nie gesien of daar enige plek aan die brand was nie. Dieselfde geld vir hierdie een. Ek het nie gesien of hierdie een aan die brand was nie.

MNR. JACOBS : Is dit nie so, waar plekke gebrand het, was daar digte hoë rookkolomme en al slaan 'n mens nie ag daarop nie, dan sou jy nog die hoë rookkolomme gesien het? -- Ja, maar ek het nie die rook gesien op die tydstip wat u van praat nie.

Toe u by die poskantoor gekom het, sê u dat die optog was toe baie naby aan die poskantoor aan daardie hoek gewees? -- Ja.

Wie was heel voor aan die optog gewees? -- Dit was verskillende persone gewees. Dit was nie net 'n persoon nie.

Was daar enige persone wat aan die voorpunt van hierdie optog nie plakkate gehad het nie? -- Daar was van hulle wat plakkate gehad het.

Antwoord nou maar net my vraag. Was daar mense heel voor wat die optog gelei het wat nie plakkate gehad het nie of het almal daardie wat die optog gelei het plakkate gehad? -- Die plakkaatdraers was voor.

HOF : As u praat van voor, was dit in die eerste ry? -- Nie noodwendig die eerste ry nie. Hulle was daar gemeng met

ander/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ander mense, maar hulle het ook 'n gedeelte gevorm van die voorpunt na agter toe.

MNR. JACOBS : Kan jy vir ons sê, die heel voorste punt van daardie mense, of dit mense was met plakkate of mense sonder plakkate of kan jy nie sê nie? -- Nie almal van hulle was plakkaatdraers nie. Daar was wel van hulle wat plakkate gedra het.

Hoeveel plakkate was daar? -- Dit is lank gelede. Ek kan nie meer so goed onthou nie, maar ek skat dat die plakkate tien of vyftien was.

Het jy elkeen van daardie plakkate gelees? -- Ek het van hulle gelees.

My vraag is 'n eenvoudige vraag, antwoord hom asseblief. Het jy elkeen van daardie plakkate gelees? -- Ja.

En as daar getuienis is dat dit meer as tien of vyftien plakkate was, wat sê jy daarvan? -- Ek stry nie met u as u so sê nie, want dit is dalk die manier waarop u self gesien het.

Die verdediging se getuienis was gewees daar was omtrent twintig plakkate gemaak en op 'n stadium met die opmars het daar nog mense aangesluit met plakkate wat dit nog meer as twintig gemaak het? -- Ek het nie so baie van die plakkate gesien nie.

Hoekom het jy en jou twee vriende wat al die pad saam gekom het, saam besluit het om by die optog aan te sluit, nie saam ook by die optog aangesluit bymekaar nie? -- Elkeen van ons het besluit om aan te sluit waar hy dit goed gedink het. Die feit bly staan dat ons almal by hierdie optog aangesluit het. Dit was min of meer in die middel van die optog.

Maar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Maar my vraag is, hoekom het julle dan besluit om nie saam bymekaar te wees as julle nou aan hierdie optog deelneem nie? -- Ons het nie ꞌn besluit geneem daaromtrent nie.

Kan jy dan vir ons sê hoekom het julle nie saam aangesluit nie? -- Dit is omdat elkeen van ons nou haastig was om aan te sluit by hierdie optog en om by enige plek aan te sluit.

K1055 Het jy gewag totdat die helfte van die opmars omtrent verby gemarsjeer het voordat jy ingegaan het? -- Ja.

Dan was jy mos nie so haastig om aan te sluit nie? -- Nee, maar ek het daar gestaan en wag vir hulle en op die ou end het ek aangesluit by hierdie opmars.

So, jou storie dat jy so haastig was om aan te sluit by die opmars is dan nie heeltemal waar nie? -- Ek kon nie daar by die voorpunt aansluit nie, want dalk is daar mense wat in beheer is of die hoë gesagte van hierdie optog wat voor is. As ek daar gaan aansluit gaan ek met hulle inmeng en hulle belemmer met wat hulle van plan was om te doen.

Jy sê miskien was daar. Was daar dan nie sulke mense gewees wat leiers was van hierdie optog nie? -- Is dit nie ek het hulle nie geken op daardie stadium nie?

Was daar mense wat die mars beheer het? -- Ek het nie gesien wie die mense was wat in beheer was van hierdie optog nie, maar die manier waarop heirdie optog beweeg het daar almal het hulle self goed gedra.

Het jy sommer net ingeloop daar waar jy ingeval het en in die mars aangesluit? -- ja.

Geld dit ook vir al hierdie baie mense wat saam met jou daar by die poskantoor gewag het soos wat die mars aangekom het? -- Hulle het presies dieselfde gedoen.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En niemand het hulle gehelp of beheer om in die mars in te kom nie? -- Ek vermoed daar was mense gewees wat beheer daar uitgeoefen het.

Ek vra nie of jy vermoed nie. Was daar gewees wat jy opgemerk het? -- Daar was enkellopende persone gewees langs die optog, wat vorentoe en agtertoe beweeg het. Ek het aanvaar dat hulle die persone is wat dan toesig hou oor die optog.

Het hulle enigiets gedoen toe julle aangesluit het? -- Nee.

Die mense wat die plakkate gedra het, was dit jong mense gewees? -- Dit was ou mense. Daarby bedoel ek nie bejaarde mense nie, maar taamlik redelike ouerige mense.

Hoe oud sou jy sê is hulle? -- 25 en ouer.

Jy sal sê hulle was nie hier om en by 18 tot 20 nie? -- Dit kan wees ook.

Maar wat is dit nou? Jy sê nou een keer die ou mense en dan weer die jong mense. Sê net vir ons wat is die posisie? -- Ek sê volgens wat u nou hierso voorstel, kan dit wees dat dit so is.

Jy kan nie vir ons sê nie? -- Ek het my skatting gegee.

Toe jy nou by die optog aangesluit het, het jy aangedluit voordat hulle links gedraai het daar of na dit?

HOF : Die vraag is onduidelik. Bedoel u voordat die punt van die optog links draai of voordat die plek waar hy aansluit links gedraai het?

MNR. JACOBS : Die optog se voorpunt links gedraai het? Laat ek dit so vra. -- Bedoel u toe ek aangesluit het?

Ja? -- Dit is na hulle afgedraai het na links.

Het jy enige insident daar by die poskantoor gesien?

Nee/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- Nee.

Jy sien ons het getuienis hierso in hierdie hof gehad dat ꞌn persoon wat redelik voor in daardie optog geloop het, dat daar mense na die poskantoor toe gegaan het en dit wou gebrand het en dat hulle gekeer was? -- Ek het dit nie opgelet nie.

Hoekom het jy dit nie opgemerk nie, want jy was mos daar by die poskantoor waar jy aangesluit het? -- Ons het mos in die rigting van die optog gekyk.

Laat ek net iets duidelik kry. Hierdie poskantoor se voordeur, front hy op die pad soos wat die optog aangekom het of front hy op die pad wat loop vanaf die busdepot na Houtkop toe? -- Dit front in die westelike rigting.

HOF : Kan ons net duidelikheid kry daar. As hy presies wes kyk, dan front hy nie aan een straat nie, maar aan albei die strate? -- Dit front aan die straat wat vanaf die depot kom.

Vanaf die depot na Houtkop? -- Ja.

MNR. JACOBS : As mense uit daardie optog uit beweeg het na die poskantoor toe, dan moes jy dit mos gesien het? -- Ja, maar die manier waarop hierdie optog goed beheer was en gedra is was daar niemand gewees wat die optog verlaat het wat ek gesien het nie.

Is dit ꞌn afleiding wat u maak? -- Ek verstaan nie wat u daarby bedoel nie.

HOF : Kan ons net duidelikheid kry. Die optog het eintlik om die poskantoor beweeg. Die poskantoor was aan die linkerkant van die optog toe die optog die draai vat. Is dit reg? -- Ja.

Toe die optog die draai vat, was u aan die kant van die poskantoor van die optog of aan weg kant? -- Ek was aan die

regterkant/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

regterkant.

Soos die optog loop aan die mense in die optog se regterkant? -- Ja.

Dus die optog was tussen u en die poskantoor? -- Ja. Soos dit nou hier aan my getoon word, was ek aan die regterkant en dit is die poskantoor hierdie.

MNR. JACOBS : Wat het jy gesien veroorsaak dat die optog nadat jy aangesluit het stadiger beweeg en tot stilstand kom? -- Die optog het nie tot stilstand gekom nie. Dit kon mos nie gestop het net soos 'n voertuig nie.

So, sê jy hy het glad nie tot stilstand gekom nie? -- Wat ek bedoel is, dit was 'n lang optog gewees. So 'n mens kan nie sê dat dit gestop het, nie, want die mense kan nie net sommer gelyktydig almal stop nie.

Sal jy nou my vraag antwoord. Het die optog tot stilstand gekom of nie? -- Nee, dit het nie tot stilstand gekom soos wat 'n mens dit verstaan nie, maar wat gebeur het is die optog het stadig beweeg. Ons kan nie skielik sommer tot stilstand kom nie, want dan sal ons mekaar mos stamp.

Net so dat ek jou nie verkeerd verstaan nie, hy het stadiger beweeg - ek het dit aanvanklik vir jou gesê, hy het stadiger beweeg en tot stilstand gekom, dit het nie gebeur nie?

HOF : Die getuie het nou al drie keer gesê die optog het nie tot stilstand gekom nie. Wil u hê hy moet dit 'n vierde keer sê?

MNR. JACOBS : Ek wil dit net aan jou stel, die getuie wat hier getuig het van die verdediging, die vorige getuie, het gesê die optog het tot stilstand gekom, stadiger beweeg en toe tot stilstand gekom? -- Dit is nie soos ek dit gesien

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het nie.

Nou wat het veroorsaak - wat het jy gesien wat veroorsaak dat die optog stadiger beweeg? -- Dit was die polisie se hippo's.

Het jy hulle gesien? -- Ja, toe die optog stadiger begin het, het ek opgekyk om te sien wat gebeur. Met dit het ek toe gesien dat daar polisie was met voertuie wat dwars gestaan het in die pad.

Het jy gesien of enigiemand van die optog gaan na die polisie toe? -- Nee, ek het dit nie opgelet nie, want ek was in die middel gewees en hierdie optog was lank. So, ek kon nie daar voor sien nie.

Was jy ver van die voorpunt af? -- Ja, ek was heelwat ver van die voorpunt af.

Is Hunters Garage daar naby waar die dinge gebeur het? -- Ja.

Was jy naby Hunters Garage gewees? -- Dit was voor ek naby Hunters Garage gekom het.

Op daardie stadium toe julle daar beweeg het en jy hierdie dinge nou na vorenteo opgemerk het, weet jy waar die burgemeester Mahlatsi se huis was?

HOF : Wel, die huis was seker nog altyd daar en is dalk nog daar. Waarom moes hy op daardie stadium daar gewees het?

MNR. JACOBS : Omdat hy gebrand het daarna.

HOF : Die vraag is weet u nou waar die huis is en het u destyds geweet.

MNR. JACOBS : Het u destyds geweet waar mnr. Mahlatsi, die burgemeester se huis was? -- Nee, ek het nie geweet nie.

Daar in die omgewing van Hunters Garage, het jy enige rook gesien wat uit die gebied kom, uit gebied 11 uit? --

Nee/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Nee, ek het nie daarvan bewus geword nie, want ons is uiteen gedryf voor die optog tot stilstand gekom het.

Op hierdie hele roete wat jy die dag beweeg het, het jy enige rook gesien tot op die stadium wat julle uitmekaar gedryf is? -- Nee.

Jy het vir die hof gesê op ŉ stadium in jou getuienis terwyl jy jou hoofgetuienis gegee het, jy het op dieselfde roete terugbeweeg na jou huis toe nadat julle uiteen gedryf is en nadat jy geskuil het. Is dit reg? -- Ek volg nie watter roete praat u van nie.

Toe julle teruggegaan het van daar waar julle uitmekaar gedryf was na jou huis toe? -- Nee, ons het nie dieselfde roete gevolg op pad terug nie. Net na ons by die poskantoor verby is, het ons deur gebied 12 gegaan om by die winkels verby te kom.

Hoekom het julle toe daardie roete gevolg deur gebied 12? -- Dit was nou die kortste pad om by die huis uit te kom.

So, op hierdie dag het jy toe besef dat dit is ŉ korter roete as die een wat jy die oggend geneem het om by die poskantoor uit te kom? -- Nee, die pad wat ek vroeër gebruik het was met die oog daarop om te kan sien of die optog by die poskantoorpunt verby is of nie.

Waarheen het jy weggehardloop toe die skietery daar plaasgevind het? -- Na my regterkant toe.

<u>HOF</u> : Dit is dan in gebied 13 in? -- Ja, in die huise van gebied 13.

<u>MNR. JACOBS</u> : Jy het nou daar in ŉ huis in gebied 13 ingehardloop. Hoe ver is daardie huis van die pad af? -- Die huis se voordeur kyk na hierdie pad. Dit wil sê na die oostekant toe.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En toe jy nou daar ingehardloop het, was dit sommer direk nadat jy die skote gehoor het daar voor? -- Op daardie stadium was dit net die geklappery van skote en traangas.

Het jy dadelik gehardloop in ŉ huis in? -- Ja, onmiddellik na die eerste geklap van skote gehoor is deur ons, het ons gevind dat daar traangas was wat van bo af kom. Toe ek opkyk, sien ek dat daar ŉ vliegtuig was, dit is die helikopter wat bokant ons gevlieg het.

En die skietery was by die voorpunt van hierdie optog? -- Ja, dit is wat hierdie optog uiteen gejaag het.

En die gewonde persoon wat jy in daardie huis gekry het, kon nie in daardie optog gewond gewees het nie? -- Ja, dit maar daar plaasgevind, hierdie voorval. Eintlik is dit nie wat ons verwag het daar sou plaasvind nie.

HOF : Maar wat is u antwoord nou? Die stelling wat aan u gemaak word is soos u sake beskrywe, moes daardie man wat u daar gekry het, wat gewond was, moes al gewond gewees het voordat die skietery plaasgevind het by die optog? -- Na die skote wat gevuur is daar by die voorpunt van hierdie optog en die traangas wat ons oë affekteer het, het ons na hierdie huis toe gehardloop. Met ons aankoms by hierdie huis kry ons hierdie persoon wat gewond is by die deur lê. Hy is al reeds gewond. Ons het hierdie persoon in die huis ingesleep.

MNR. JACOBS : Ek wil net vir jou ŉ paar ander vrae vra. 2 September 1984 het jy gesê het jy na die kerk toe gegaan? -- Ja.

Het u gegaan om ŉ kerkdiens by te woon of vir ŉ ander rede? -- Dit was met die oog daarop om die kerkdiens by te woon, soos gewoonlik.

En die diens het begin hoe laat? -- 10h00.

Tot/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Tot? -- 12h00.

Het jy kooroefening gehad daardie dag? -- Ja.

Tot hoe laat? -- 14h00.

Waar het jy die plakkaat wat jy hier vir die hof beskryf het opgetel daardie dag?

HOF : Pamflet of plakkaat?

MNR. JACOBS : Pamflet, ekskuus? -- In die straat van gebied 7 op pad kerk toe.

Hoekom het jy die pamflet saam met jou gevat kerk toe? -- Ek het dit saamgeneem onder die indruk dat ek dalk iemand sal kry wat die inhoud daarvan aan my kan verduidelik.

En toe? Hoekom het jy na beskuldigde nr. 8 toe gegaan spesifiek met hierdie pamflet? -- Die persoon is nie 'n lid van die gemeente by die Roomse Kerk nie. Op pad na die gemakshuisie toe, het ek hom raakgeloop waar hy uit die saal uitgekom het.

Wanneer was dit? -- Dit was na die kerkdiens gehou was.

Hoe laat was dit gewees? -- Dit was omtrent vyf minute na die beëindiging van die kerkdiens die dag. Dit was omtrent vyf oor.

HOF : 12h05? -- Ja.

MNR. JACOBS : Nou hoekom spesifiek met hom hierdie pamflet gaan bespreek? Om watter rede? -- Ek het net gedink dalk sal hy my kan help want hy is 'n bekende persoon aan my.

Hoekom het jy nie by ander mense wat jy ken daar by die saal wat saam met jou in die kerk is gevra nie? Hoekom vir hom? -- Dit is omdat ek hom geken het.

Was daar nie ander mense by die kerk wat jy ken wat ook vir jou kon gesê het nie? -- Ek het nie daaraan gedink om navraag te doen by hierdie mense wat saam met my op daardie

stadium/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

stadium was voor ek hom ontmoet het nie. 'n Ander ding wat u mooi moet verstaan is dat hier is ek op pad na die gemakshuisie toe vanaf die kerkgebou waar ek die persoon raakloop.

Het daardie vergadering wat daar in die kerksaal was toe uitgekom? -- Ek weet nie, maar hy was die eerste persoon wat daar uitgekom het. Dit wil sê by daardie deur van die saal. Daarna was daar ander mense gewees wat ook gevolg het uit die saal uit. Ek was nie daarvan bewus dat daar 'n vergadering gehou was nie.

En die mense, het hulle toe die perseel verlaat? -- Ja, hulle is mos nie Katolieke nie.

Jy sien, ek wil dit aan jou stel, jy vertel 'n onwaarheid vir die hof want die getuienis van beskuldigde nr. 8 was tot die effek dat daardie vergadering wat hulle daardie dag by die kerksaal gehou het, ook nie eers in die saak nie, maar in 'n kantoor daar of 'n kamer daar, was gehou van 09h00 die oggend tot 12h30 die middag. Toe was hulle vergadering eers klaar gewees.

MR BIZOS : I do not recall the time but the place of the meeting I definitely recall to be the hall. It was the evidence of accused no. 8, it was the evidence of the caretaker that they asked for a room, there was not one available and they went and had their meeting in the hall.

MNR. JACOBS : Die tyd sal ek dan net stel dat die getuienis is dat die tyd, die vergadering was die oggend gehou ... (Hof kom tussenbei)

HOF : U moet eers aan die getuie korrigeer dat dit nie korrek is soos u aan hom gestel het dat dit 'n kantoor was en nie die saal nie.

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan hom stel dat dit in die saal

dan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dan gehou was miskien, ek is nie heeltemal seker nie, maar
mnr. Bizos het gesê dit was in die saal, ek aanvaar dit so,
maar dat die vergadering het geduur van 09h00 tot die oggend
K1056 tot 12h30. -- Die Staatsadvokaat het ŉ beter kennis hiervan.
Ek sê ek het die persoon raakgeloop. Ons het hierdie dokument
bespreek. Hy het my nie eers gesê van ŉ vergadering nie.
Niks was bespreek oor die vergadering nie. Dus weet ek nie
wat daar aangegaan het nie.

My stelling aan jou is dat jy is nie besig om die waarheid vir die hof te vertel nie, want beskuldigde nr. 8 self sê dat die vergadering het nie 12h05 uitgekom nie, maar die vergadering het 12h30 uitgekom.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Dalk het die predikant lank gepreek.

HOF : Wat is 25 minute tussen vriende?

MNR. JACOBS : Waar het jy gehoor van VCA? -- Na hulle hierdie vergadering gehad het, het ek eers daarvan bewus geword.

HOF : U bedoel op ŉ ander dag? -- Ja.

En hierdie vergadering wat u van praat, is watter vergadering? -- Ek praat van wat ek gelees het in die koerante. Die berig in die koerante het melding gemaak van die organisasie en dus verwys ek na dit wat ek in die koerante gelees het, dat ek vir die eerste keer gehoor het van die bestaan van die organisasie.

MNR. JACOBS : Wat het jy bedoel toe jy gesê het na hierdie vergadering, wat die hof vir jou gevra het wat is hierdie vergadering? -- Nee, nee, u sê vir my op die 2de het hulle ŉ vergadering gehad. Ek het nie daarvan geweet nie. Ek het wel daarvan gelees van die bestaan van die organisasie, VCA na die 2de. Met ander woorde, as u vir my sê die 2de was ŉ vergadering gewees,sê ek dit is na die vergadering

waarvan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

waarvan u praat dat ek van die bestaan gehoor het.

Ook na die 3de het jy eers gelees van VCA? -- Ja.

Beskuldigde nr. 8, was hy ŉ vriend van jou? -- Ons ken mekaar goed.

Kuier julle by mekaar? -- Van ons getroud is het ons nie meer by mekaar gekuier nie, want hy bly ver van my af en ek bly ook baie ver van hom af.

Het jy nie geweet of hy betrokke is by hierdie VCA nie? -- Ek het nooit daarvan geweet nie.

Toe jy nou met die pamflet by hom kom, het hy nie vir jou toe gesê toe hy gesê het hierdie pamflet is verkeerd en dat hy lid is van VCA nie? -- Nee, hy het niks van VCA verduidelik nie.

Jy sê jy het van ŉ vriend gehoor van die "stay-away"? -- Ja.

Wie is die vriend? -- Dit is dieselfde man wat ons van praat.

HOF : Ja, ons het al van ŉ paar mense se name gehoor. Is dit mnr. Mokate? -- Nee, dit is mnr. Nkopane.

Beskuldigde nr. 8, nè? -- Ja.

MNR. JACOBS : Wanneer het jy by hom gehoor daar gaan ŉ wegbly-aksie wees? -- Dit was gedurende die week. Dit is die week voor die optog van die wegbly-aksie dag.

Hoe het dit gekom dat hy vir jou vertel het van hierdie wegbly-aksie? -- Ek het hom ontmoet op pad. Ek dink dit was ŉ Dinsdag of ŉ Woensdag in die loop van die week.

En toe? Wat sê hy vir jou? -- Ek het aan hom gevra oor die vergadering van die 26ste wat ek van gehoor het terwyl ons op die perseel van die kerk was wat daar gebeur het. Dit was na aanleiding daarvan dat ek hom gevra het dat hy dan

vir/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vir my vertel het die gemeenskap het daar bymekaar gekom en ooreengekom dat daar 'n wegbly-aksie gaan wees op hierdie dag en 'n optog.

Dit is eienaardig. Hoekom vra jy vir hom omtrent die vergadering van die 26ste? -- Ek was nie by daardie vergadering teenwoordig nie. Ek het net gedink dalk weet hy iets hiervan. Toevallig sê hy dat hy daarvan weet. Ek het onbewustelik van hom verneem dat hy daar teenwoordig was.

Hoe het hy vir jou vertel wie organiseer die wegbly. aksie? -- Nee, dit het hy nie gesê nie.

Het jy hom nie gevra nie? -- Nee, ek het hom net gevra oor wat daar bespreek is die dag van die vergadering.

Wat het hy vir jou gesê wat is die doel van die wegbly-aksie op 3 September? -- Dat dit bedoel is om te gaan hoor wat die rede is aangaande die verhoging met 'n bedrag van R5,90.

Hoe het hy gesê wie sal gaan praat daar voor en vra wat die doel van die verhoging is? -- Nee, dit het nie vir my gesê nie. Ek was self op pad werk toe. So, ons is daarna uiteen.

Is dit reg, dit is die enigste persoon wat vir jou vertel het van hierdie wegbly-aksie op 3 September? -- Mense het ook daarvan gepraat in die treine, want ek maak gebruik van 'n trein. Dit is na hy dit aan my verduidelik het dat ek daarvan in die treine gehoor het.

Die mense in die treine, is dit van verskillende woongebiede daar in die Vaal? -- Van Sebokeng.

Is daar ook mense van Boipatong en Bophelong en Sharpeville wat van daardie treine gebruik maak? -- Daar is nie 'n trein wat na Vanderbijlpark toe gaan nie. Daar is

ook/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ook nie ꞌn trein wat Sharpeville toe gaan nie.

En Bophelong en Boipatong? -- Daar is net nie ꞌn spoorlyn tussen daardie plekke nie.

Het jy gehoor dat daar ook optogte op die 3de sou wees vanaf Sharpeville en Boipatong met dieselfde doel om na Houtkop toe te gaan om te gaan hoor wat is die redes vir die verhoging van die huur? -- Nee, ek weet niks met betrekking tot ander plekke nie. Ek weet net van Sebokeng.

Het beskuldigde nr. 8 jou nie vertel dat dit sal ꞌn eenheidspoging van al die mense in die woongebied wees nie? (10) -- Nee.

Ek wil net oor ꞌn ander aspek vir jou iets vra. Jy het vir die hof hier gesê dat hierdie mense wat vir die raadslede gestem het en ook vir mnr. Mohajane gestem het was omdat hulle komberse gekry het? -- Ja, dit is die waarheid.

Wanneer het hierdie mense komberse gekry wat vir mnr.-Mohajane gaan stem het? -- Herhaal die vraag?

Ek vra wanneer het die mense wat vir mnr. Mohajane gestem het die komberse gekry? -- Terwyl hulle vir hom gestem het. (20)

HOF : Watter jaar was dit? -- In die jaar 1983.

MNR. JACOBS : Is dit nou November 1983 se verkiesing? -- Ek weet nie meer wanneer en in watter maand dit was nie, watter dag nie.

Jy sien, ek verstaan jou getuienis nou glad nie en hoekom ek vir jou die vraag vra is omdat jy vir die hof gesê het daar het niemand gestem vir mnr. Mohajane in 1983 nie? -- Dit is reg. Dit is hoekom ek sê alleenlik die mense wat van hom komberse gekry het, wat hy gegee het, het vir hom gestem. Die rede daarvoor is dat ek weet nie wie die persone (30)

is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

is wat vir hom gestem het nie.

Jy kom en vertel sommer vir die hof enige storie hierso en jy is nie eerlik met die hof nie. Het jy gesien dat daar komberse gegee word toe hulle vir hom stem met die verkiesing in 1983? -- Daar is mense wat so gesê het, al weet ek nie wat die persone se name is nie.

So, jy kom vertel stories wat jy gehoor het vir die hof as ɦ feit? -- Hy was nooit gekies nie. Toe hy teruggekom het na ons toe daar waar ons vir die eerste keer gehoor het dat hy weer op die raad gekies is, het hy self vir ons kom sê na hy teruggekom het vanwaar hulle vergader het, dat hy alreeds gekies is.

Jy sien jy antwoord nie eers my vraag nie. My stelling aan jou was, jy kom vertel stories wat jy hoor vir die hof as feite wat jy wil voorgee as die waarheid en dit is wat gebeur het? -- Nee, dit behoort ek te geweet het. Is dit nie waar dat as jy vir ɦ persoon stem, is daar ɦ papier wat jy kry waarop jy jou keuse maak om te stem vir die persoon nie?

Goed, as dit jou antwoord is. Het mnr. Mohajane vir jou, waar jy persoonlik teenwoordig was gesê hy is klaar reeds verkies? -- Ja.

Was dit op die dag wat die verkiesings plaasgevind het? -- Kyk, ek sal om verskoning vra op daardie punt. Dalk het ek nie die vraag mooi verstaan nie. Kan u hierdie laaste vraag herhaal?

Was dit toe hy dit gesê het waar jy persoonlik teenwoordig was dat hy is reeds verkies op die dag toe die verkiesing gehou was? -- Ek het fouteer. Die verkiesings was gehou gedurende die week en die Sondag was daar ɦ vergadering

gehou/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gehou. So, ek was by die vergadering van Sondag teenwoordig waar hierdie persoon die woorde gebesig het dat hy alreeds op die raad gekies is.

HOF : Was dit die Sondag voor die verkiesing of die Sondag na die verkiesing? -- Die verkiesings was al verby. Dit was gedurende die week gewees. Die eerste Sondag na die verkiesings.

MNR. JACOBS : Dan verstaan ek nie jou aantygings wat jy hier gemaak het teen mnr. Mohajane nie, want hy kon verkies gewees het daar deur mense wat vir hom gestem het op daardie verkiesing wat verby was. Daar is niks mee verkeerd om te sê hy is verkies nie? -- Ja, daar kan ek met u heeltemal saam stem. Ek het amper 'n fout begaan daar.

En al hierdie stories wat jy vir die hof vertel het van ander kandidate wat daar was en dat hulle maar net hulle mond gehou het en al daardie tipe dinge, was net 'n klomp nonsens gewees. Is dit reg? -- Nee, dit wat ek sê het sin en hierdie sin wat ek sê is, toe ek daar was, waar die woorde gebesig is, was daar net een tafel gewees.

HOF : Wat bedoel dit as daar net een tafel is? -- Wat ek bedoel is, net hy alleen en sy mense was daar teenwoordig en niemand anders nie.

MNR. JACOBS : Geen kandidate nie? -- Geen.

Net 'n ander aspek wat ek weer aan jou wil stel is, waar jy dinge vir die hof kom sê as feite, dat jy nie seker is nie. Jy weet nie van ander mense wat uitgesit was uit hulle huise uit en wat mnr. Mohajane gepraat het of nie gepraat het nie? -- Nee, ek sê nie dat mense se huise gesluit was. Dit is Mohajane self wat dit gesê het dat as mense se huise gesluit is, al kan dit middernag wees, sal hy nog na die superintendent

toe/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

toe gaan om dit met hom te gaan bespreek. Hy het toe verder daar aan die mense gesê dat die superintendent aan hom wat Mohajane is die sleutels gegee het om die huis oop te sluit dat daardie persoon se gesin nie buite slaap nie.

So, is dit wat gebeur het? Hy het dan die mense gehelp? -- Ja, maar hy het my nie gehelp toe dit met my gebeur het nie.

Ek praat nou eers van die ander mense. Hy het daardie ander mense gehelp? -- Volgens wat hy sê ja, ek weet nie of dit regtig waar is nie, want dit is wat hy sê.

En jy weet ook van geen ander gevalle, persoonlike kennis wat jy het waar mense na hom toe gegaan het wie se huise toegesluit is wat hy nie gehelp het nie? Ek praat nie van jou nie? -- My bure. Na die man van die huis oorlede is, was die gesin se huis toe gesluit. Die Administrasieraad of die mense in beheer van die dorpsgebied het die gesin se besittings uit die huis gevat en toe die huis aan iemand anders gegee wat daar ingetrek het, terwyl hy 'n belofte gemaak het dat as een van die familie oorlede is, hetsy die vader of die moeder van die gesin, sal hy hulle help en toesien dat die huis nie gesluit word nie.

Kan jy vir ons sê, wat was die omstandighede, was die huis verkoop, ook daardie een van jou bure?

MR BIZOS : Was not this general practice admitted by Mr Louw and a number of state witnesses?

MNR. JACOBS : Ek toets sy getuienis op wat kom sê het. Ek wil net vir die hof daarop wys dat hy kom om getuienis hier te kom lewer waarvan hy nie persoonlike kennis gedra het nie.

HOF : Hoe lank gaan u daarmee aanhou?

MNR. JACOBS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. JACOBS : Ek is amper klaar met die getuie.

HOF : Dit lyk nie so nie.

MNR. JACOBS : Ek is net bang as ek nie dinge aan hom stel nie en ek wil argumenteer lateraan dan word dit weer gesê soos gister dat ek stel nie sekere aspekte aan getuies nie. Ek sit in 'n moeilike situasie. Ek probeer verkort. Ek het so ver al my kruisondervraging heelwat kort gesny.

HOF : Ja?

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan u stel dat u is nie eerlik met die hof omtrent die gebeure van 3 September 1984 nie? -- Wat ek hier vertel is die waarheid.

En dat u baie meer weet as wat u vir die hof hier wil vertel en vertel het? -- Ek weet nie. Dalk weet u miskien meer as wat ek hier gesê het. Ek weet niks daarvan nie.

En ek wil dit net stel aan u dat in gebied 7 was dit nie so rustig daardie oggend van 3 September 1984 soos u hier te kenne gegee het nie, maar dat daar alreeds vroeg moeilikheid daar ontstaan het, mense gekeer was om busse te bestyg en busse aangeval was en dat ook huise van raadslede aangeval was en raadseiendom en bottelstore en biersale? -- Dit is hoe u dit stel en nie wat ek opgemerk het nie.

Ek wil dit ook aan u stel dat hierdie omdraai, die groot omdraai wat u gevolg het met die roete om kamma by die poskantoor uit te kom, is nie die waarheid nie en dat u nou daardie roete hier skets omdat u weet dit is nie die waarheid nie en u nie 'n verduideliking kan gee vir die dinge wat wel op die pad sou gebeur het nie? -- Ek het hier aan die hof verduidelik van wat ek weet.

Was u baie ontevrede met hierdie huurverhoging? Baie ontevrede ook met die raadslede? -- Nee, ek sê nie ek is

ontevrede/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ontevrede met die bestaan van raadslede nie. Die raadslede behoort daar te wees, maar wat hulle net nie doen nie, is dat hulle voldoen nie aan die nodige wat van hulle verwag word nie.

En jy is so ontevrede met die raadslede dat jy self nie vir hulle gestem het op daardie verkiesing nie? So ontevrede dat jy hulle hierso selfs in die hof nog beskuldig dat hulle beloftes maak en nie nakom nie en oneties optree teenoor die mense? -- Ek beskuldig niemand hier nie.

En is die rede nie dat u het self aan daardie optogte deelgeneem en die geweldpleging wat daar plaasgevind het nie? -- Nee.

RE-EXAMINATBION BY MR BIZOS : No questions.

NO FURTHER QUESTIONS.

WITNESS IS EXCUSED ON THE SAME BASIS AS DIE PREVIOUS WITNESSES.

- - - - - - - - - -

COURT ADJOURNS. COURT RESUMES.

K1057 MAHASE ALBERT MOKATE, d.s.s. Through interpreter

EXAMINATION BY MR BIZOS : Mokate, do you live at 11347 zone 7B Sebokeng? -- That is true.

You are 48 years of age? -- That is true.

Married and five children? -- That is true.

You went to school up to St. 4? -- That is true.

And have you been employed for a number of years by Yelvertons in Booysens, Johannesburg? -- That is true.

Did you come to hear that there would be a march on 3 September 1984 in Sebokeng? -- Yes, I ended up knowing that.

How long before the 3rd did you end up knowing about it? -- About a week before the day of the march.

Did/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Did you see any pamphlets or did you hear any broadcasts by loudhailer? -- No, what I heard was people discussing on my way to work in the buses and what was discussed by people within the community where I live.

Did you attend church on 2 September 1984? -- Yes, I did.

Is that the Catholic Church Small Farms? -- That is so.

Was there any discussion about the march on the church premises on 2 September 1984? -- Yes.

Do you know Mr Tau? -- Yes, I do.

Do you know Mr George Ncube? -- Yes, I do know him as well.

Do any of the three of you do anything together at the church? -- Yes.

What? -- Singing.

Are you also a member of the choir? -- Yes, I am one of the members of the church choir.

Did you, Mr George Ncube and Mr Tau come to any decision as to whether or not you would take part in the march the next day?-- Yes, we agreed on that.

COURT : Just before we go on, is the correct spelling, Mr Interpreter, N-g-c-u-b-e or N-c-u-b-e?

INTERPRETER : It is N-c-u-b-e.

MR BIZOS : You say that the three of you decided that you would go to the march. -- Yes.

Had you thought before this day, the 2nd, whether you should go to the march or not? -- In brief wat I can say is that we had not discussed it together.

Before that? -- That is before this day.

Did you yourself raise the matter with your employer during the course of the week after you had heard about it?

No/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- No, I did not, because there was no decision that I had taken about that.

Why did you decide on this Sunday, the 2nd, that you should take part in this march? -- It is because I was having a grievance about the increase.

The increase in rent? -- Yes.

When had you heard about that? -- That is when we were paying rent for the previous month. This message was brought to me by the children who had gone to pay.

When they went to pay the August rent? -- Yes.

Were you coming out well on the salary that you were earning at the time? -- No, I was not. In fact, I had to devise some means additionally in order to be able to cope.

And what did you hope to achieve by joining this march? -- I hoped to achieve this question of rent being addressed by the people in authority at Houtkop.

Who did you consider to be the people in the highest authority at Houtkop? -- I was thinking in terms of the people who had more authority than the councillors.

And who were they? -- What I am saying is this. We as a community are taking the councillors to be superior to us in attending to matters affecting the community and I therefore had in mind that we are taking this to the authorities, that is the high authorities, being the councillors at Houtkop to address this issue.

Did you and your two friends arrange to meet the next morning? --Yes.

Did you fix a time? -- Yes, we did.

What time did you fix? -- We agreed on leaving at 08h00.

Who was supposed to go to who? -- The arrangement was

that/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

that Tau was to come to my place, from where we would leave together to Ncube.

Did Mr Tau come in time? -- No.

How late was he? -- He arrived at my place at about 09h20 or 09h30.

What had happened to Mr Ncube at the same - in the meantime? -- At Tau's arrival at my residence, Ncube was already at my place.

Did the three of you set off? -- Yes.

To where? -- To the Roman Catholic Church.

What time did you think the march would start? -- We did not have a good information about the starting of the march, but what we had in mind was that the march was going to start at 09h00.

What route did you take from your house to the Roman Catholic Church? -- Leaving my place we went in the direction of George's house, which is the same direction as this place called Masenkeng. Our route then went through between Masenkeng and George's residence.

Did you go anywhere near the bus terminus of the Vaal Transport Corporation near Masenkeng? -- We went through between the bus terminus at Masenkeng and the plase Masenkeng itself.

COURT : Masenkeng, is that the commissioner's office? -- That is true.

Which is north and which is south? -- Masenkeng is on the northern side. Then on your left, which is the southern side, is the rank.

That is the bus terminus? -- Yes, that is the bus terminus.

MR BIZOS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MR BIZOS : Did you reach the Roman Catholic Church? -- Yes, we reached it.

On your way to the Roman Catholic Church, did you see aby obstructions on the road? -- No.

Did you see any property of whatever nature that had been destroyed? -- No.

COURT : What route did you take from the bus terminus to the Roman Catholic Church? -- Along Selbourne.

MR BIZOS : Did you see particularly whether the ticket offices of the bus company were in any way destroyed? -- No.

Did you see any property burning? -- No.

Did you find any people marching or getting ready to march when you got to the Roman Catholic Church?-- On our way to the Roman Catholic Church premises, we went along the road seeing people in different premises and of course meeting people as usual in the street. You do come across other people who are walking in their own directions, but on arrival there, that is at the Roman Catholic Church premises, we found somebody.

Did he give you any information about the march? -- That is so.

What information were you given? -- That the march has left. That was a result of our having asked him, this person.

What did you decide to do? -- We decided then to follow.

Did you know where the march was heading for? -- I knew.

To where? -- Houtkop.

Did you and your friends decide to try and catch up with the march? -- That is so.

COURT : Did you know the route of the march? -- We knew that the route leading to Houtkop will be the one via Masenkeng's

direction/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

direction.

And then along the bus route? -- Yes, which is the main road.

MR BIZOS : Did you follow along the bus route on the main road of did you take a shortcut? -- We decided on shortcuts.

Where did you end up? --At the post office on zone 12.

Did you reach the post office before ... (Court intervenes)

COURT : Just a moment. I have it that the post office is actually in zone 11 but on the corner. Is that correct? -- That is true.

MR BIZOS : Did the three of you get to the post office before the front of the march got to that point or after? -- Before.

When you got there, was the march any where in sight? -- Yes, this was not very far at the time of our arrival.

Was the march coming to your direction? -- That is true.

What did you see at the front of the march? -- There were people leading this march which had some pamphlets or plates. Those things on which some writing was. In fact placards. That is what they were carrying.

Could you read what was written on the placards? -- Yes, I read a few placards.

What did you read on the placards? -- "Asiyeni e Houtkop."

Perhaps we could have a translation, Mr interpreter? -- Let us go to Houtkop.

What else did you see? -- "Asina mali."

Anything else? -- The others were written in an offical language "Away with the high rent."

Anything else that you saw? -- "Councillors must resign."

Anything else? -- Nothing else that I can remember,

but/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

but what I can say is that the most of these placards were written in the words I have just mentioned to the court.

Do I understand you to want to say that the same word was written on more than one placard? -- Yes, written on different placards, but having the same words.

Did you see any placard with writing on it "Kill Mahlatsi and Brothers"? -- No, I did not see it.

Or did you see any placard "Away with councillors"? -- No, I did not see it.

Did you see any placard advocating violence against violence or their property? -- No, I did not see such a placard.

If there had been any such placard, would you have joined the march? -- No.

Did you in fact join the march? -- Yes, I did join the march.

Did you believe that you were committing any unlawful act by joining this march? -- No, I did not.

Were the marchers marching along quietly? -- There was a song which was sung by the marchers.

What was that song? -- "Asiyeni e Houtkop."

Was this march a disorderly or an orderly march?

COURT : Could you fit the words "Aseyeni e Houtkop" into the tune? -- The tune was "Aseyeni" and then the others in the back would say "e Houtkop".

MR BIZOS : Was the march an orderly or a disorderly one? -- At the time when I saw this march until I joined the march, it was to me a peaceful march, which had a good order.

Was there anybody keeping order? -- Yes.

What were those people doing? -- They were supervising the/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

the march from the sides.

When you got to the post office and looked towards the march and after you joined it and marched with it, were there any obstructions on the road? -- No.

You were then 45 years of age. What would you say about the majority of the people on this march? Were they younger than you or older than you? Or the same age? -- It differed, but the youngest I would say would be between 30 and not very low than 30.

You have given us the youngest. And the oldest? -- About 50.

And the ages between? -- Yes.

For how long did you march on this march? How far did you get? -- Because of the fact that I joined this march in the middle of the march and there was some singing going on then, I carried on with the march for some distance until the song stopped. I do not know what is expected of me to give an estimation of time or the distance.

Do you know Hunters Garage? -- Yes, I did.

Did you yourself on the position that you were on the march reach Hunters Garage? -- No, I did not reach that.

What happened before you got to Hunters Garage? -- I noticed that at some stage, the pace of the march slowed down as a result of which then I looked up to see what was happening up front and I noticed that it would appear as if there was something in the way of the march, which causes the decreasing of the pace.

Could you see what was in the way of the march? -- Yes, I ended up seeing the hippo's stationary in the way of the march.

And/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

And what happened then? -- There was now some quietness at that stage and I noticed that there were vehicles in the way of the march. While that was going on, that is the quietness, from the people who were supervising the march, that is on the sides of the march, I heard somebody repeating the following words, saying "Keep quiet because it may be necessary that we send some people up front."

Who was this person that said this? -- I am not in a position to tell His Lordship as to who this person was, the reason being that I was in the middle of the march and I only heard a voice from the side, which is the side of the march uttering those words, without seeing who this person was.

When he said "Keep quiet", did the people keep quiet? -- Yes, it was already quiet at that time, that is why one could hear him, because those coming from behind me were also closing up with me.

Did you see whether anybody was moving towards the front? -- I am not quite clear on that. The reason is that the head of the march was quite far from the position where I was on the march and I was therefore not in a position to see exactly what was happening there. The next thing that I heard was the sound of shots being fired from guns.

Before you heard shots being fired from guns, did you hear any order to disperse? -- The last I heard being said was when this person said we must keep quiet.

When the shots were fired, what did the people do? -- This resulted into a confusion, people running in different directions and knocking one another down, rushing to find themselves in the yards.

And what did you do? -- There was more noise which added

to/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

to the firing of the shots. At some stage I noticed a helicopter which was flying above my head. After that I ended up being affected by the teargas in my eyes. In fact there was just a smelling of teargas all over me.

And what did you do then? -- I jumped into a yard on my right which was a yard of a house in zone 13.

And did you take refuge in that house? -- Yes.

Did you stay there for a long time or short time? -- I kept hiding there for fifteen to twenty minutes.

And then? -- After that, on noticing that, it was clearing up on the road, I then left for home.

Did you get back home? -- Yes.

I want to take you back from your trip from the Roman Catholic Church to the post office. On that trip to get to the post office, did you see any property burning before you got to the post office? -- No, I did not see any place.

On your way back home, did you see anything burning? -- Yes.

Where did you see things burning? -- That was in zone 12 in the direction of the bottlestore.

Did you see anything else burning? -- When I was just about to enter zone 7 I saw the Indian shopping centre on fire in Small Farms.

On your way from Small Farms Catholic Church to the post office when you were going there, did you see any obstructions on the road? --None.

On your way back home, did you see any obstructions on the road? -- Yes, on entering zone 7 on that main road I noticed that there were dustbins and other things.

All around? -- Yes.

Were/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Were you a member of the Vaal Civic Association or VCA? -- No.

Had you attended any of its meetings? -- No.

Had you ever taken part in any campaign against the election of councillors? -- Unfortunately not.

COURT : Why do you say unfortunately? -- Because I in fact wanted to be there. Unfortunately I could not take part.

MR BIZOS : Would you like to explain that? You say you would have liked to be there. Were people having campaigns against the councillors? Is that what you mean? -- No, no, not against. I wanted to be present at the time of the elections and take part, not against them.

I have no further questions, My Lord, but whilst I am on my feet, may I ask Your Lordship for some indication as to whether we should have another witness available tomorrow? I have tried very hard to switch them around, to have a filler available, but it seems to be difficult to find a witness that is going to be an hour, hour and a half.

COURT : Whatever you bring along, we put in and we go on as far as we can and we continue his examination-in-chief after the break. You can read him his evidence-in-chief during the break.

MR BIZOS : We would like to try and avoid that if possible.

COURT : Yes, well, having had the indication that this case will take some time, I am going to use every hour I have.

MR BIZOS : We will try and have a witness available. I have no further questions.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Mokate, het u groot geword in daardie gebied Sebokeng? -- Ja, ek het daar groot geword.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En is u baie goed vertroud met daardie hele omgewing daar? Dit sluit in Small Farms, gebiede 11 en 12? -- Ja. Ek sal vir u sê hoekom ek sê ek ken die gebiede so goed. Toe Sebokeng begin het daar om gebou te word, het ek in Evaton gewoon.

Wanneer het julle die besluit geneem dat julle gaan deelneem aan die opmars? -- Sondag, die 2de.

Waar het julle die besluit geneem? -- By my woning.

En wat was die rede hoekom julle besluit het om aan hierdie optog te gaan deelneem? -- Dit is omdat dit ʼn optog was vir die inwoners van daardie gebied en as ouers en inwoners van die gebied, het ons besluit.

Het julle dit so bespreek dat as inwoners en ouers? -- Dit is so, ja.

<u>HOF</u> : Waarom was die kwessie van ouers ter sprake? -- Dit is omdat die verhoging in huur op die ouers berus en ons as ouers affekteer.

<u>MNR. JACOBS</u> : Is dit nie so omdat dit ook ʼn besluit van die jeug was dat daar die dag ʼn optog sou wees dat julle besluit het as ouers moet julle die jeug ondersteun nie? -- Nee, ek vind dit nie so nie.

<u>HOF</u> : Maar wat nou van die mense wat nie kinders het nie? -- Wat nie kinders het nie?

Ja? U sê dit is ʼn besluit van mense as ouers? -- Ja.

Ek kan begryp as dit ʼn besluit is van mense as inwoners, want die inwoners betaal huur, maar waar kom die ouers in? -- Ek vind geen verskil nie. Wat my betref, ʼn mens, as hy praat van die inwoners kan net so goed praat van die ouers.

<u>MNR. JACOBS</u> : Jy en mnr. Tau en mnr. Ncube, is julle goeie vriende? -- Ja, ons is mense wat aan dieselfde organisasie

behoort/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

behoort in die sin dat ons aan die koor van die kerk behoort. Mense wat gewoonlik dinge saam doen. Ons is goeie vriende.

Is julle die oggend van 2 September 1983 saam kerk toe? -- Nee, om by die kerk te kom het elkeen op sy eie tyd daar gekom. Ons het nie saam soontoe gestap nie.

Het julle daar by die kerk bymekaar gekom en bymekaar gesit? -- Ja.

Toe die kerk nou uitkom, het julle drie toe saam gegaan na die plek waar die kooroefening is? -- Net voor ons daar ingegaan het in die oefensaal of -kamer van die koor, was dit net ek en Tau gewees, want Ncube wat die koormeester is, was alreeds in daardie oefenkamer gewees.

Het julle van die kerk af direk gegaan na die koorsaal toe of die koorkamer toe? -- Nee, ek en Tau is eers na die toilette toe. ŉ Persoon wat direk na die oefenkamer toe gegaan het, is George Ncube en die ander mense.

En van die toilet af, is julle saam daarvanaf na die koor-oefenkamer toe? -- Dit is die waarheid.

Net om duidelikheid te kry. Was die kooroefeninge in die kerk se saal of was dit in ŉ ander vertrek gewees? -- Dit was in ŉ klaskamer gewees.

Het julle enige besprekings gehad met enigiemand, van die kerk uitgekom het totdat julle in die koorsaal ingekom het of die klaskamer ingekom het? -- Op pad na die toilet toe vanaf die kerk, het ons ŉ persoon raakgeloop in die nabyheid van die kerk. Die persoon en Tau het mekaar gegroet. Dit het vir my toe daar duidelik geword dat hulle mekaar ken. Toe hulle daar gepraat het, het Tau ŉ stukkie papier te voorskyn gebring uit sy sak uit. Terwyl hulle nog daar vir mekaar gevra het hoe gaan dit met die lewe, het Tau die stukkie papier

aan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

aan die man getoon en gesê "Ek het hier 'n papier by my" en die volgende aan hierdie man gesê, dit is nou Tau "Die inhoud van hierdie papier sê daar was gewees dat daar 'n wegbly-aksie gaan wees môre, maar volgens hierdie papiertjie, moet ons nie meer wegbly van die werk af nie. Die ouers moet werk toe gaan en die kinders moet skool toe gaan." Na dit is ons toe weg van daardie man af terug na die oefenkamer toe.

Het daardie man enigiets gesê? -- Ja, ja, ek het dit amper oorgeslaan. Hy het iets gesê. Sy antwoord hierop was "Ek weet nie wat die oorsprong van hierdie papier is nie, ek dra geen kennis van die inhoud van hierdie papier nie, maar wat ek vir jou kan sê is dat môre is dit net nog soos wat dit besluit was. Ons gaan."

Het hierdie man gesê aan watter organisasie of iets hy behoort, hoe hy so goed op hoogte is van wat gaan gebeur op die 3de? -- Nee, hy het nie 'n verduideliking gegee nie. Eintlik was ons nie lank saam met die persoon nie.

Was dit ook 'n persoon wat daar in die kerk was en die kerk bygewoon het? -- Nee.

Hoe weet jy? -- Toe ons uit die kerk gekom het, het ons in die rigting van die saal gestap. Ek het die persoon gewaar daar in die nabyheid van ander mense wat 'n klompie daar was naby die kerksaal, maar hy was definitief nie van die kerk nie.

Hierdie mense wat daar 'n klompie bymekaar was, was dit nie mense wat ook uit die kerk gekom het nie? -- Nee.

Hoe kan jy dit sê? Enige rede?-- Hierdie saal word die meeste van die tyd beskikbaar gestel aan ander gemeentes om gebruik daarvan te maak. Met die gevolg dat ons nie meer die saal kan gebruik vir die oefeninge van die koor nie. Dus

hierdie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hierdie mense het ek aanvaar dit is mense wat daar uitgekom het.

Jy het dit net aanvaar, maar nie gesien nie. Is dit reg? -- Ek het nie gesien dat hulle daar uitgekom het nie, want hulle het in klein groepies daar buite gestaan.

Het jy enige ander mense uit die saal sien kom? -- Nee, ek het nie opgelet of daar mense was wat uit die saal gekom het nie, maar na ons klaar gepraat het met die man, is ek terug na die oefenkamer toe.

Toe julle bespreek het om die volgende dag die opmars te gaan bywoon, is daar ŉ spesifieke rede waarom julle spesifiek besluit het op die tyd wat julle sou loop? -- Waar? By die huis nou?

Ja, toe julle besluit het julle sal die volgende dag mekaar ontmoet om na die opmars toe te gaan? -- Ja, daar was ŉ rede gewees. Dit was alreeds genoem dat die optog om 09h00 gaan vertrek.

Wie het dit genoem? -- Ons.

Is dit nou julle drie? -- Ja.

Hoe het julle geweet hy gaan 09h00 vertrek? -- Niemand het vir ons gesê nie. Op ons eie het ons besluit dat die laatste wat ons daar moet wees is 09h00.

En is dit toe dat julle gesê het om dit te kan bereik moet julle 08h00 van jou huis af vertrek? -- Dit is so.

Mnr. Tau sê vir ons dat die besluit was dat julle sou die volgende dag om 07h30 ontmoet het by jou huis en vertrek? -- Nee, ons vertrek van my huis af om 08h00.

So, is hy verkeerd? -- Nee, ek weet nie. Ek sê nie hy is verkeerd nie. Dit is dalk dat hy dit miskien so gedink het.

Hoe/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Hoe laat het hy by jou huis aangekom sê jy? -- Ek kan myself vaspen op 'n sekere tyd nie. Ek sal liewers sê dit was na 09h00, want ek kan nie sê dit was 09h30 nie, maar dit was om en by daardie tyd.

Moes julle vir hom meer as 'n uur gewag het daar by jou huis? -- Ja, ons het lank gewag vir hom, om en by 'n uur.

As jy nou geweet het, soos jy netnou gesê het, dat hierdie optog sou vertrek het om 09h00 en hierdie man kom nou eers, soos jy in jou getuienis-in-hoof gesê het om 09h20 na 09h30 daar by jou aan, hoekom het julle nie toe sommer daar reguit van jou huis af gegaan die roete wat die opmars gevolg het en hulle agterna gesit nie? -- Ons was nie definitief seker van die vertrektyd nie. Dit was ons eie tyd wat ons daar besluit het dat die laatste vir ons om daar te kom was 09h00. So, ons het gegaan omdat daar nie 'n spesifieke tyd was vir ons presies hoe laat die optog gaan wegtrek nie.

Jy sien, wat vir my eienaardig is is dat mnr. Tau het vir die hof getuig hierso dat toe hy hierdie papier wat jy oor getuig het vir daardie vreemde man op die 2de gewys het by die kerk, het daardie persoon gesê hulle sal 09h00 die volgende oggend daar by die kerk - gaan daar 'n vergadering wees en gaan die optog daar vertrek? -- Ek stry nie met hom as hy dit sê nie. Dit is dalk moontlik dat dit as gevolg daarvan is dat hy saamgestem het met om en by 09h00 dat ons daar moet wees omdat hy alreeds gehoor het van die vertrektyd.

Ek stel dit verder aan jou dat julle het presies geweet dat daardie optog sou 09h00 vertrek. Jy het dit ook geweet, want jy was teenwoordig. Jy het gehoor wat daar gesê was? -- As ek gehoor het dat die persoon melding gemaak het van 09h00 toe hy daar gepraat het, sou ek dalk ook 'n opmerking

daaromtrent/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daaromtrent gemaak het as hy die tyd noem as 'n vertrektyd.

Hoekom? -- As daardie man in my teenwoordigheid gesê het en ek dit gehoor het dat ons 09h00 daar bymekaar gaan kom en die optog vertrek, dan sou ek besluit het dat ons maar die optog by 'n sekere punt moet gaan ontmoet en by die optog aansluit iewers in plaas van om daarheen te gaan. Tau het dit ook nie aan my duidelik gemaak dat die man wel so gesê het nie.

Maar jy was mos nou by gewees en jy het mos gehoor wat die man sê? -- My getuienis is dat die twee persone mekaar raakgeloop het. Hulle het mekaar gegroet en toe met mekaar gepraat. Tau het aan hom oorgedra wat hy by hom gehad het, maar hy het toe nie vir my later kom sê dat hulle tyd ook daar bespreek het nie. Ek was nie daarvan bewus nie.

HOF : As u nou nie weet van die tyd nie, vra u nie vir u twee vriende "maar weet julle miskien hoe laat die optog begin?" nie? -- Toe ons daar met mekaar gepraat het, het ons besluit op 09h00 die laatste. Met die besprekings daar, het Tau of Ncube nooit gesê dat hulle gehoor het wàt die tyd is om te vertrek nie. Dit is hoekom ons op 09h00 besluit het.

MNR. JACOBS : Maar die vraag van die hof is hoekom het jy nie jou vriende gevra nie of hulle weet watter tyd vertrek die optog? -- Nee, ek het nie gevra nie. Ons het net besluit terwyl ons met mekaar gepraat het omtrent hoe laat ons daar gaan vertrek.

HOF : U sien, nou het ek 'n probleem met u getuienis. U is nou nie seker van die begintyd van die optog nie, maar u het besluit dit is waarskynlik 09h00. Die tyd toe u daar by Masenkeng verby kom was heelwat na 09h00. -- Ja.

Dus u moes die heelpad al geloop en wonder het of die

optog/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

optog nie dalk al verby is nie? Is dit so? -- Nee, ons het net een ding in gedagte gehad en dit is dat ons by die kerk moet gaan aandoen waarvandaan die optog moes vertrek het.

MNR. JACOBS : Hierdie Masenkeng, daardie bushalte en die kommissariskantore, is dit baie ver van jou huis af? -- Dit is nie so baie ver dat 'n mens 'n huurmotor se dienste kon gebruik het om daar te kom nie.

As 'n mens loop, hoe lank loop 'n mens van jou huis af tot daarso? -- Ek het nie 'n groot kennis nie, maar ek skat dit ongeveer tussen tien en vyftien minute of 'n bietjie meer. Ek is nie seker nie.

En as jy nou by jou huis is, kan jy die busse hoor daar ry by Masenkeng in die oggende en wanneer daar busse loop? -- Ja, ek kan hoor.

Daardie oggend, het jy gehoor of daar busse gery het daar of nie? -- Ek kon dit hoor, ja.

Het die busse die hele oggend deur normaalweg gery? -- Ek sal nie sê vir die hele dag nie, maar in die loop van die oggend het ek gevind dat daar nie meer busse was nie. Byvoorbeeld, toe ons teruggekom het na ons uiteen gejaag was, was daar nie meer busse gewees nie.

Kom ons bepaal ons nou by voor julle uiteen gejaag is, voordat jy by die busstop daar by Masenkeng verby geloop het op pad na die kerk toe. Het daar toe busse normaalweg geloop tot op daardie stadium? -- Ja, Johannesburg se busse het gery want hulle roete gaan voor my huis verby. Hulle het gery soos wat hulle normaalweg ry oor 'n naweek.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : As u nou praat van Johannesburg se busse, bedoel u busse wat van Johannesburg af loop of is dit die busse van die Vaal Transport Corporation of van

watter/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

watter busse praat u? -- Ek praat van Putcobusse wat van Johannesburg af vertrek Sebokeng toe en terug. Wat Vereeniging se busse betref ry dit deur die woonbuurt daar tot by hierdie bushalte te Masenkeng waar hulle dan afdraai om verder weg te ry.

HOF : Laat ons net duidelikheid kry, asseblief. Woon u aan Sebestraat? -- Ja.

In Sebestraat, loop die Putcobusse daar? -- Nee, hulle gebruik Nyembezistraat.

Watter busse loop in Sebestraat? -- Ek woon in Sebestraat. Sebestraat is nie 'n hoofstraat nie. Dus word dit nie deur busse gebruik nie. Toe ek gepraat het van busse wat voor my deur verby ry, praat ek van die busse wat in die straat agter my verby ry. Dit is die teerstraat. As ek sê hulle ry voor my deur verby, praat ek van my agterdeur wat eintlik in die rigting van die huis kyk. My huis is geleë agter die huise wat aan die teerpad front.

K1058 As u aan Sebestraat woon, dan is daar een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt rye huise tussen Sebestraat en Nyembezistraat. Is dit reg? -- Nyembezistraat is 'n teerstraat. Van Nyembezistraat af is my straat die volgende wat na Masenkeng toe gaan.

Luister nou mooi. Tussen Sebestraat en Nyembezistraat is daar agt rye huise? -- Nee, dan maak ek 'n fout met die naam van Sebe, want dit is net twee rye vanaf Nyembezi. Ek is in die tweede ry.

MNR. JACOBS : Toe julle geloop het en gekom het by die bushalte by Masenkeng, was daar busse gewees om mense op te laai op daardie stadium vroeg in die oggend? -- Nee, daar was nie 'n bus gewees nie.

Was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Was daar mense wat gewag het vir die bus? -- Ek het nie mense gesien nie.

En op daardie stadium het u al agtergekom dat daar nie meer busse loop nie? -- Nee, ek het dit nog nie agtergekom nie dat daar nou nie meer busse was wat gery het nie.

Is jou huis baie ver van dié van mnr. Mkhiwane, die raadslid? -- Ja, dit is ver.

Weet jy dat sy huis afgebrand het 3 September 1984? -- Ja, ek het dit gehoor.

Van waar jy was, soos julle geloop het na Masenkeng se bushalte of busterminus toe, het julle die rook gesien van die huis toe hy brand? -- Nee.

HOF : Soos u geloop het na Masenkeng toe, was hy net in die volgende straat aan die linkerkant parallel met die straat waarin u geloop het? -- Ja.

MNR. JACOBS : So, sy huis is eintlik baie naby jou huis? -- Nee, hy is nie baie naby my huis nie. Ek gaan by daardie huis verby, maar dit is op die hoek. My huis is 'n hoekhuis in hierdie straat en om by Mkhiwane te kom in die ander straat is naby die anderkantste hoek. Dit wil sê ook nie in hierdie blok wat naby my straat is nie, maar die anderkantste blok in die ander straat.

Mnr. Namane, ken jy hom? -- Ja, ek ken hom.

Hy is ook 'n lid van die koor? -- Dit is die waarheid.

Sy huis, is dié ook naby joune? -- Nee.

Hoe laat het julle gearriveer by die kerk? -- Op hierdie dag?

Ja, julle het nou geloop, 3 September van jou huis af tot by die kerk, hoe laat het julle daar gearriveer? -- Dit is omtrent daar 09h40, 09h45 die môre.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En julle is ongeveer 09h30 by jou huis weg? -- Die tyd wat ek van praat is 'n skatting. Ek sê nie dit is presies die tyd nie. Dit is 'n skatting.

Dit lyk vir my julle het vreeslik vinnig geloop om by die kerk te kom om in so 'n kort rukkie te loop tot daar? -- Waarvanaf? Van my huis af?

Ja? -- Ja, ons het vinnig beweeg.

By die kerk aangekom, waar het julle hierdie persoon gekry wat julle nou gaan vra het omtrent die optog? -- Die persone het daar onder die bome se skaduwee gaan sit. Ons vind hom daar sit onder die bome.

Is dit iemand wat daar by die kerk werk of op diens is? -- Nee, ek sal nie kan sê nie, want daar by die kerk, enige mens kom daar. Daar is sport ook. Mense kom vir sportsdoeleindes, maar toe ons daar was, het die persoon net daar gesit.

HOF : Toe u oor Vilakazistraat gegaan het naby Masenkeng, was daar nie mense nie? -- Vilakazistraat? Nee, daar was nie mense nie.

Was daar niemand op die roete wat u geloop het daar by Masenkeng of Vilakazistraat waar u oor is nie? Was daar nie mense nie? -- Daar was mense gewees wat buite die huise was, maar op die erf. Dit het gebeur daar in die nabyheid van gebied 8.

Maar het u nie vir daardie mense gevra "Is die optog nog nie verby nie?" -- Nee, ons het nie gevra nie.

Hoekom nie? -- Dit is omdat ons gedagtes gedink het net aan die plek waarheen ons gegaan het. Dus wou ons onsself tevrede gestel het daar waarheen ons gaan.

MNR. JACOBS : Het julle daar langs die kerk ingedraai in daardie grondpad tussen die kerk en gebied 8? -- Ja.

Stem/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Stem jy saam as jy met daardie pad dan reguit aan loop dan kom hy voor uit by Vilakazistraat. Dit is die straat wat die busse vat? -- Waarvanaf? Vanaf die Roomse Kerk?

Ja?

HOF : As ŉ mens by die Roomse Kerk begin en jy loop met die grondpad by die Indiërwinkelsentrum verby, dan kom jy aan die onder punt, dit is die suide punt van gebied 8 by Vilakazistraat uit? -- Nee, ons het nie tot by die Indiërsentrum gekom nie.

Die vraag is net, as ŉ mens dit doen, dan kom jy waar die advokaat sê ŉ mens uitkom? -- Ja.

MNR. JACOBS : Julle was nou haastig om te kom by die optog? -- Ja, ons was haastig.

Hoekom het julle dan nie daar reguit aangegaan na Vilakazistraat toe nie en daarvanaf agter die optog aangegaan nie? -- Vir ons was dit nie dat ons agter hierdie optog moet kom nie. Vir ons was dit om by hierdie optog te kom en ŉ kortpad te neem daarvandaan om by die voorpunt te kom van hierdie optog. Op daardie huidige oomblik terwyl ons daar was, hierdie pad wat ons gevolg het om by hulle daar by die poskantoor uit te kom, het ons gesien is ŉ kortpad om by hulle daar aan te sluit by die poskantoor.

HOF : Hoekom wou u by die voorpunt wees? -- Nee, die doel daarvan was nie dat ons eintlik by die voorpunt moet kom nie. Die doel dat ons daar om geloop het was omdat as ons in daardie pad gekom het, sou ons net reguit moet aanstap om by hierdie plek uit te kom waarheen ons gaan, maar toevallig is dit ŉ T-aansluiting van hierdie pad en die pad wat hulle gebruik het by die poskantoor en toe ons daar uitkom was hulle nog nie by die T-aansluiting gewees nie. Met die gevolg was dit

makliker/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

makliker om vir hulle daar te wag en dan saam met die optog op te gaan.

MNR. JACOBS : Is die rede nie dat julle voor die optog wou kom sodat julle eers kon sien wat se plakkate is daar voordat julle aansluit en of daar nie dalk verkeerde plakkate is nie? -- Nee.

U sien, as u dan so vinnig by die optog wou ingehaal het, stel ek dit aan u, as u deur die suidelike punt van Small Farms geloop het, reg deur agter die kerk daar in die oostelike punt van Small Farms, in ŉ oostelike rigting geloop het reguit daar, dan kon u reguit aangesluit het by hierdie pad direk ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wag nou ŉ bietjie. Soos u dit stel is dit totaal deurmekaar en dit klop ook nie met die feite nie. Hoe wou u gehad het die getuie moes geloop het?

MNR. JACOBS : Agter die kerk, daardie paadjie daar in ŉ suidelike rigting ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Dit is nie suid nie. Watter paadjie gaan in ŉ suidelike rigting?

MNR. JACOBS : Dit is een wat reguit loop na waar daardie pad ŉ draai maak, Vilakazistraat.

HOF : Wat die advokaat aan u stel is as ŉ mens by die kerk begin en jy stap al langs gebied 8 af by die Indiërsentrum verby, dan sluit jy aan die suidepunt van gebied 8 aan by Vilakazistraat. Is dit nie korter nie? -- Nee.

En ek wil aan u iets anders stel. As ŉ mens van die kerk af reguit deur loop deur Small Farms, dit wil sê in die rigting van die BP Garage, dit wil sê amper suid, dan is dit die kortste pad. Jy sluit aan by Wessels Motha Road in die rigting op die punt van gebied 12 naby die BP Garage? -- Nee, ek

volg/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

volg nie die beskrywing nie.

MNR. JACOBS : Ek sal net my kaart vir die tolk gee.

HOF : Ons het nog nie by die getuie gehoor presies hoe hy geloop het nie. Kan ons dit nie maar eers kry nie. Dan weet ons.

MNR. JACOBS : Watter roete het julle gevolg vanaf die kerk om by die poskantoor uit te kom? -- Ons het ʼn bietjie op gegaan vanaf die kerk, daar deur die oop stuk veld geloop, daar deur geloop tot in Small Farms, deur Small Farms en gekom in gebied 12 uitbreiding. Dit wil sê aan die oostelike kant. Daar is ʼn teerpad van onder af wat tot by die poskantoor kom, wat dan ʼn grens is tussen gebiede 12 en 13. Ons het by hierdie pad aangesluit daar naby gebied 12. Die hele tyd het ons geloop vanaf die rigting van Small Farms. Daar is ʼn pad wat aansluit by die een waar ons wou uitgekom het.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry. Waar is u in gebied 12 in? -- By die hoek. Daar is ʼn busstaanplek vanaf die rigting van Johannesburg vir die busse.

U praat nou van die busdepot?-- Nee, dit is ʼn bus "rank" in gebied 12.

In gebied 12 is daar ʼn teerpad? -- Ja, die teerpad is die grens tussen gebied 12 en gebied 13.

Ja, dit weet ek. Hy loop van die depot na Houtkop toe. Is dit reg? -- Ja, ons het by die pad aangesluit daar op die hoek van gebied 12.

Ja, maar, net so ʼn oomblik. By die pad het u aangesluit waar die oop stuk grond eindig en gebied 12 begin? Is dit wat u sê? -- Ja.

So, as ʼn mens met die teerpad gaan vanaf die depot na Houtkop toe, dan kom jy op ʼn punt waar jy die dorpsgebied

binnegaan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

binnegaan? -- Ja.

Dan is aan jou regterkant die punt van gebied 13 en aan jou linkerkant is die beginpunt van gebied 12? -- Nee, as jy opgaan in die rigting van die poskantoor, is gebied 12 aan jou linkerkant en dan 13 aan jou regterkant.

Is dit die plek waar die teerpad in die dorpsgebied ingaan waar julle aangesluit het by die teerpad of het julle op 'n ander punt aangesluit by die teerpad? -- Nee, dit is by 'n ander punt, nie daar nie.

By watter punt het julle aangesluit? -- Daar is 'n straat wat begin net daar by die begin van die huise. Ons het daardie straat gevolg. Dit is van die hoek af.

Hoe ver is daardie straat vanaf die teerstraat? -- Dit is nie baie ver nie.

Is daar een ry of twee rye of vyf rye of hoeveel rye huise is daar tussen in? -- Dit is omtrent tien huise se wydte vanaf die teerstraat. Dan kry daardie ingang van die straat wat ek van praat.

Kyk 'n bietjie na my kaart of u die plek kan sien, dan steek jy 'n speld daar in waar u die gebied ingegaan het. U word nou aangedui waar die busdepot is en waar die hostels is en u sien ook aan die linkerkant is daar 'n 13 met 'n kring om, dit is gebied 13 en aan die regterkant is daar 'n 12 met 'n kring om, dit is gebied 12. Nou moet u wys waar het u gebied 12 ingegaan. Steek sommer nog 'n speld in waar u Small Farms uit is. -- Waar is die Roomse Kerk?

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : By nr. 1 daar bo.

HOF : Selbourneweg is gemerk daar as Selbourne Road en aan Selbourne Road is die Roomse Kerk. -- (Getuie dui aan)

Wat die getuie nou aangedui het op die kaart is die

volgende/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

volgende. Die punt van ingang in gebied 12 lê teenoor die punt van die sesde ry huise wat parallel loop met die straat van die busdepot na Houtkop en die punt van uitgang uit Small Farms lê feitlik op die suid/westelike hoek van Small Farms daar waar die lugfoto van lig na donkerder gaan en lyk of die bewoning minder dig is. Tussen daardie twee punte wat u aangedui het, het u deur die veld geloop? --Ja.

ŉ Mens kan dit opsom dat wat die ingang in gebied 12 betref en die uitgang uit Small Farms, die roete wesenlik wil voorkom dieselfde te wees as dié van die vorige getuie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 27 NOVEMBER 1987.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.